Marissa Baard

Die standpunt van *Die Burger* teenoor die Suid-Afrikaanse Waarheids- en Versoeningskommissie, 1990-2003

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in die Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit van Stellenbosch

Studieleiers: Dr. Anton Ehlers en dr. Sandra Swart

Maart 2007

Verklaring

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk/tesis vervat, my eie, oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van ’n graad voorgelê het nie.

Handtekening: .....

Datum: .....

Kopiereg © 2007 Universiteit van Stellenbosch
Alle regte voorbehou

Opsomming

Die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) kan beskryf word as een van die belangrikste gebeurtenisse in die onlangse Suid-Afrikaanse verlede. Die WVK se werksaamhede het ’n ondersoek na menseregteskendings tussen 1960 en 1994 ingesluit, asook amnestieverhore vir diegene wat na bewering skuldig was aan hierdie skendings. Verder moes daar ook besluit word oor rehabilitasie aan slagoffers, en moes ’n omvattende verslag saamgestel word oor die aard en omvang van genoemde skendings.

Die WVK-proses het met omstredenheid gepaard gegaan. Kritiek op die WVK is byvoorbeeld gelewer as gevolg van ’n persepsie dat dit moontlik kan ontaard in ’n heksejag op Afrikaners, en die moontlikheid van partydigheid is ook dikwels hier genoem.

Hoe het die publiek op die hoogte gebly van verwikkelinge tydens die WVK-proses? Die media het ’n belangrike rol gespeel in die verspreiding van inligting aan diegene wat nie noodwendig WVK-sittings kon bywoon nie.

In sekondêre bronne oor die WVK is daar soms ’n neiging waarneembaar om die Afrikaanse pers, in terme van redaksionele kommentaar, as negatief en uiters krities oor die WVK-proses te sien. Is hierdie negatiewe houding ook waarneembaar in die Afrikaanse dagblad *Die Burger*?

Hierdie koerant was aanvanklik versigtig optimisties oor die politieke veranderinge in Suid-Afrika, maar het daaroor én oor die WVK gewaarsku dat versigtigheid aan die dag gelê moet word om verdere verdeeldheid in die samelewing te voorkom. Met die verloop van die WVK-proses het *Die Burger* se amptelike standpunt egter al meer negatief geraak, en is al sterker kritiek uitgespreek.

Ná 2000 word die koerant se houding egter merkbaar meer positief, ’n verskynsel wat toegeskryf kan word aan verskeie faktore, onder meer die aanstelling van ’n nuwe redakteur en die gepaardgaande veranderings in die amptelike standpunt van die koerant teenoor die WVK.

Abstract

The Truth and Reconciliation Commission (TRC) may be described as one of the most important events in the recent South African past. The TRC's activities included an examination of gross human rights violations between 1960 and 1994, as well as amnesty hearings for those believed to be guilty of human rights violations. In addition, the TRC had to decide on the possibilities for reparations to victims, and had to compile a comprehensive report on the nature of the abovementioned violations.

This process was shrouded in controversy. For example, criticism was levelled at the TRC because of the perception that it was intended as a witch-hunt against Afrikaners. The danger of subjectivity was also mentioned often.

How was the public kept up to date about the activities of the TRC? The media played an important role in the distribution of information to those who could not readily attend the various hearings of the TRC.

In secondary sources on the TRC, there is a tendency to view the Afrikaans press, in terms of their editorial comment, as negative and extremely critical of the TRC process. Can this negative attitude be perceived in the Afrikaans daily newspaper *Die Burger*?

Initially, the paper was carefully optimistic about the political changes in South Africa, but warned that in this regard, and in the TRC process, care would have to be taken to avoid causing further division in the country's society. However, as the TRC progressed, *Die Burger*'s official stance became ever more negative, and criticism was expressed in very strong terms.

After 2000 the paper's stance becomes markedly more positive. This can be ascribed to a variety of factors, for example the appointment of a new editor and the accompanying change in the official stance of the newspaper towards the TRC.

Inhoudsopgawe

Bladsynommer

Hoofstuk 1: Inleiding, literatuurstudie en metodologie

1.1. Inleiding 1

1.2. Literatuurstudie 4

1.2.1. Koerante as vorm van massamedia 4

1.2.2. Algemene bronne oor die Waarheids- en Versoeningskommissie 6

1.2.3. Besprekings van die media in algemene bronne oor die WVK 8

1.2.4. Studies oor die mediavoorstelling van die WVK 10

1.3. Metodologie 11

Hoofstuk 2: Politieke verandering in Suid-Afrika en *Die Burger* se houding daarteenoor, 1990-1994

2.1. Inleiding 13

2.2. Onderhandelinge en oorgang in die vroeë negentigerjare 14

2.2.1. F.W. de Klerk se aankondiging op 2 Februarie 1990 14

2.2.2. Die vroeë negentigerjare 15

2.2.3. Konvensie vir ’n demokratiese Suid-Afrika (Kodesa) 16

2.2.4. Massa-aksie en ’n terugkeer na die onderhandelingstafel 17

2.3. Die eerste demokratiese verkiesing in 1994 18

2.3.1. Wetgewing wat die politieke oorgang gereguleer het 18

2.3.2. Die bewindsoorname van die Regering van Nasionale Eenheid 19

2.3.3. Die nuwe regering, nasionale eenheid en versoening 22

2.4. *Die Burger* se houding teenoor politieke veranderinge in die tydperk tussen 1990 en 1994 23

2.5. *Die Burger* se houding teenoor die 1994-verkiesing en ANC-bewindsoorname 24

Hoofstuk 3: Die totstandkoming van die Waarheids- en Versoeningskommissie in 1995

3.1. Inleiding 27
3.2. Kenmerke van die WVK 27
3.3. Besware teen die WVK 31
3.4. Die houding van *Die Burger* teenoor die WVK met die oprigting van die kommissie in 1995 32

Hoofstuk 4: *Die Burger* se houding teenoor die Waarheids- en Versoeningskommissie in die tydperk tussen 1996 en 1997

4.1. Inleiding 38
4.2. Temas ten opsigte van die WVK in *Die Burger* se hoofartikels 38
4.2.1. Partydigheid 38
4.2.2. Beskerming van Afrikaner-belange 42
4.2.3. Kritiek op die ANC se rol in die WVK 45
4.2.4. Ander temas ten opsigte van die WVK 48
4.3. Gevolgtrekking 50

Hoofstuk 5: *Die Burger* se houding teenoor die Waarheids- en Versoeningskommissie in die tydperk tussen 1998 en 2003

5.1. Inleiding 53
5.2. Temas ten opsigte van die WVK in *Die Burger* se hoofartikels tydens 1998 54
5.2.1. Die dagvaarding aan P.W. Botha 54
5.2.2. Amnestie en die partydigheid van die WVK 56
5.2.3. Die WVK-verslag en die kommissie se bevindinge 58
5.3. Temas ten opsigte van die WVK in *Die Burger* vanaf 1999 tot 2003 62

Hoofstuk 6: Evaluering 68
Bronnelys 75

Hoofstuk 1

Inleiding, literatuurstudie en werkswyse

1.1. Inleiding

Op 17 Mei 1995 het die indertydse Minister van Justisie, Dullah Omar, die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening in die Parlement aangekondig. ’n Belangrike doelstelling van dié wet was om ’n eenheidsgevoel te help ontwikkel in die ‘nuwe Suid-Afrika’, ’n samelewing waarbinne lede verdeeld was op grond van faktore soos ras, klas en geloofsoortuigings – Suid-Afrikaners moes dus as ’t ware in dieselfde “nasie” verenig word.

Dit het aanleiding gegee tot die ontstaan van die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK). Die idee van só ’n kommissie is vir die eerste maal geopper tydens die reeks onderhandelinge en die veelpartykonferensie wat in die vroeë negentigerjare plaasgevind het om die aard van die nuwe politieke bestel in Suid-Afrika te bepaal.[1] Dit is, ná die bespreking van ’n aantal ander moontlike opsies[2], gesien as die mees gunstige manier om ’n beeld te kry van gebeure tydens die apartheidsjare.

Pectora roborant cultus recti

Die vraag ontstaan nou: hoe is die publiek op die hoogte gehou van gebeure in die WVK-proses? Die proses was wel veronderstel om so deursigtig en toeganklik as moontlik te wees, en versoening te bewerkstellig tussen alle inwoners van Suid-Afrika, maar hoeveel lede van die publiek kon of wou werklik die kommissie se sewe-volume verslag lees en/of verhore en sittings bywoon? Aangesien een van die belangrikste mikpunte van die kommissie se werksaamhede die skep van ’n groter bewussyn van die onlangse verlede

[1] Deelnemers aan hierdie onderhandelinge was onder meer die Nasionale Party, die African National Congress, die Pan African Africanist Congress of Azania (PAC), Azapo, Cosatu, die Demokratiese Party, die Vryheidsfront en die Inkatha-Vryheidsparty. Die amptelike opposisieparty, die Konserwatiewe Party, het nie deelgeneem nie.

[2] Ander opsies wat oorweeg is, was Neurenberg-tipe verhore vir diegene wat verdink is van menseregteskendings tydens die apartheidsjare (soortgelyk aan die verhore wat ná die Tweede Wêreldoorlog in Duitsland gehou is), asook die geregtelike vervolging van moontlike skuldiges. ’n Laaste moontlike opsie was ’n algemene amnestie, wat alle skuldiges sou vrywaar van vervolging vir die pleeg van moontlike menseregteskendings.

onder Suid-Afrikaners was, was dit noodsaaklik dat inligting omtrent die verloop van die kommissie se werksaamhede geredelik aan die publiek beskikbaar gemaak word soos wat die proses gevorder het.

Bestaande literatuur oor die WVK-proses is dit eens: die media was van die uiterste belang in die verspreiding van inligting omtrent die kommissie aan die publiek. Alex Boraine verwoord hierdie belangrikheid soos volg in sy boek *A Country Unmasked*:

> "*Not a day passed when we were not reported on radio. We were very seldom absent from the major television evening news broadcasts, and we were, if not on the front page, on the inside pages of every newspaper…although it was not easy to be under constant public scrutiny, I think the Commission owes the media an enormous debt of gratitude. Through their very conscientous work they involved the entire country in the work of the TRC…so that it was truly a national experience rather than restricted to a small handful of selected commissioners.*"[3]

Die WVK het verder aangedui hoe belangrik hulle die rol van die media ag deur een van hul institusionele verhore daaraan af te staan. Dié verhore is gewy aan sekere instansies binne die samelewing, byvoorbeeld die sakesektor en die kerk, wat volgens die kommissie tydens die apartheidsjare 'n belangrike rol in die samelewing gespeel het.

Ten spyte van die ooglopende belangrikheid van die media, is daar nog relatief min studies gedoen oor die verhouding tussen die WVK en die media, asook oor die uitbeelding van die kommissie en sy verrigtinge in verskillende vorme van die media.

Daar is byvoorbeeld nog geen studie gedoen waarin die amptelike beleid[4] of houding van 'n enkele mediabron teenoor die WVK ontleed is nie. Etlike artikels en proefskrifte het

---

[3] A. Boraine, *A Country Unmasked*, p.89.

[4] In hierdie studie verwys die term "amptelike beleid" na die houding van 'n betrokke mediabron teenoor 'n sekere kwessie, en hierdie houding word beskou as afsonderlik van die nuusdekking wat aan daardie kwessie afgestaan word.

wel al vergelykende studies onderneem na die voorstelling van die kommissie in verskillende mediabronne[5], of na die uitbeelding van een spesifieke aspek van die WVK (byvoorbeeld die sittings oor chemiese en biologiese oorlogvoering) deur een of meer mediabronne. Daarom is besluit om ’n ondersoek uit te voer na die amptelike beleid of houding teenoor die Waarheids- en Versoeningskommissie van *Die Burger*, ’n Afrikaanse dagblad wat in die Wes-, Suid- en Oos-Kaap uitgegee word.

Die politieke veranderinge wat vanaf 1990 in die land plaasgevind het, word by die studie betrek, aangesien dit tot die ontstaan van die WVK aanleiding gegee het, en ook ’n vroeë aanduiding gee van *Die Burger* se standpunt oor die politieke oorgang in Suid-Afrika. Hierna sal gekyk word na die tydperk waarin die WVK se werksaamhede plaasgevind het, die houding van die koerant teenoor die WVK-proses in hierdie tydperk en veral ook of noemenswaardige veranderinge in dié houding waargeneem kan word tydens die verloop van die WVK-proses.

In die res van hierdie hoofstuk word daar in die literatuurstudie ondersoek ingestel na die aard van studies wat wel al gedoen is oor die WVK, en spesifiek die verband tussen die WVK en die media. Die metodologie wat in hierdie studie gevolg is, word ook uiteengesit.

In **Hoofstuk 2** word daar gekyk na die tydperk tussen 1990 en 1994. Die WVK se ontstaan is gewortel in die onderhandelingsproses wat in die vroeë negentigerjare plaasgevind het, en daarom is besluit om hierdie tydperk by die studie in te sluit.

In **Hoofstuk 3** word aandag gegee aan die totstandkoming van die WVK in 1995. Die kommissie is saamgestel en reëls is opgestel vir die werking daarvan. Die kommissarisse het ook byeengekom vir ’n aantal voorlopige vergaderings, waarin onder meer kwessies rondom die daaglikse bestuur van die WVK ter sprake gekom het.

[5] Sien die literatuurstudie, waar bronne in drie kategorieë bespreek word, naamlik algemene bronne oor die WVK, besprekings van die media in algemene bronne oor die WVK, en studies oor die mediavoorstelling van die WVK.

Die sittings van die WVK het in 1996 ’n aanvang geneem, en met die uitsondering van die amnestiekomitee en enkele spesiale verhore, is dié aspek van die WVK se werksaamhede in 1997 afgehandel. Daarom is besluit om dié tydperk van 1996 tot 1997 afsonderlik in **Hoofstuk 4** te behandel.

Hoofstuk 5 bevat ’n bespreking van die tydperk tussen 1998 en 2003. Nadat die meeste van die WVK se pligte in 1997 afgehandel is, het die voorlopige WVK-verslag in 1998 verskyn. Daar is dus begin met ’n terugblik op en evaluering van die proses. Die finale weergawe van die WVK-verslag, met voorstelle oor reparasies aan diegene wat uitgewys is as slagoffers van apartheid, is in 2003 aan die president oorhandig. Hierdie verslag is voorafgegaan deur die afhandeling van die amnestiekomitee se werksaamhede. Dus kan hierdie tydperk as ’n eenheid bespreek word.

In die **finale hoofstuk** word daar gekyk na moontlike verklarings vir die verskynsels wat waargeneem is in *Die Burger* se houding teenoor die Waarheids- en Versoeningskommissie.

1.2. Literatuurstudie

1.2.1. Koerante as vorm van massamedia

Massamedia behels die verspreiding van inligting (in verskillende vorme) aan groot gehore, teen ’n redelike prys.[6] Volgens William Rivers se werk *The Mass Media: reporting, writing, editing* steun die publiek feitlik uitsluitlik op die media vir toegang tot inligting aangaande gebeure in die politieke arena, asook gebeure wat in ander wêrelddele plaasvind, hetsy hulle self mediagebruikers is en of hulle inligting by ander mediagebruikers bekom.[7]

Daar kan breedweg tussen drie kategorieë van massamedia onderskei word, naamlik gedrukte media, uitsaaimedia en multimedia. Gedrukte media sluit onder meer koerante,

[6] F. Nel, *Writing for the media in South Africa*, p.3.
[7] W.L. Rivers, *The Mass Media: reporting, writing, editing*, p.12.

tydskrifte, joernale, boeke, pamflette en plakkate in. Dié kategorie kan nog verder onderverdeel word in eenmalige publikasies (byvoorbeeld brosjures of boeke), en dié wat op gereelde grondslag verskyn. Koerante hoort tuis in die laaste kategorie.

Die verskillende vorme van massamedia het een kenmerk in gemeen: hulle doel is om inligting te verskaf. Daar kan wel onderskei word tussen die verskillende funksies van verskillende tipes media. Die uitsaaimedia bied selde in-diepte dekking van sekere nuusgebeurtenisse aan, en fokus gewoonlik daarop om gebeurtenisse bloot onder die aandag van die kykerspubliek te bring.[8] In die gedrukte media kan daar meer aandag geskenk word aan in-diepte besprekings van sekere kwessies en gebeure, en is daar benewens verslaggewing ook ruimte vir kommentaar deur lede van die betrokke publikasie se redaksielede.

Dit is belangrik om te let op die feit dat daar onderskei kan word tussen artikels waarin inligting oorgedra word (byvoorbeeld oor ’n gebeurtenis op sport- of politieke gebied), en ander tipes nuusdekking. Laasgenoemde sluit redaksionele kommentaar in (onder andere hoofartikels, rubrieke en ander artikels waarin menings gelug word), asook fotojoernalistiek en briewe wat deur die leserspubliek geskryf word. Elkeen van hierdie kategorieë het eiesoortige kenmerke en vereistes.

Nuusdekking deur middel van artikels behoort eerstens sover moontlik objektief, regverdig en gebalanseerd te wees.[9] Dit behels die stel van alle moontlike kante van ’n saak, en die kans vir alle betrokkenes om ’n spreekbeurt te hê. Die joernalis moet dus onpartydig wees en nie probeer om een saak bo ’n ander te bevorder of een persoon se kant van ’n saak stel ten koste van ’n ander nie.

Dit is natuurlik nie altyd moontlik om volkome objektief te wees nie. Daar is ’n mate van subjektiwiteit betrokke by die keuses wat joernaliste en redakteurs uitoefen tydens die

[8] *Ibid.*, p.31.
[9] F. Nel, *Writing for the media in South Africa*, p.32.

nuusdekkingsproses.[10] Ten spyte hiervan moet daar steeds gestreef word om objektiwiteit, regverdigheid en balans sover moontlik te handhaaf. Nog ’n belangrike vereiste vir nuusartikels is akkuraatheid.[11] Veral omdat ’n groot aantal lede van die publiek op die media staatmaak vir inligting omtrent aktuele kwessies en gebeurtenisse, is dit noodsaaklik dat dié inligting korrek en volledig is.

Hierteenoor kan die hoofartikels (*editorials*), wat op die hoofartikelblad van n koerant verskyn, beskou word as die betrokke koerant se amptelike posisie met betrekking tot ’n sekere nuusgebeurtenis of reeks nuusgebeure. Dit hoef dus nie op dieselfde wyse as nuusdekking objektief te wees nie, maar bied geleentheid vir die skrywer daarvan (gewoonlik die redakteur van die koerant of een van die senior hoofredaksielede) om standpunt in te neem oor ’n gebeurtenis. Ook in kommentaar of gereelde rubrieke deur hoofredaksielede kan sekere standpunte omtrent spesifieke omstandighede ingeneem word.

1.2.2. Algemene bronne oor die Waarheids- en Versoeningskommissie

Werke oor die WVK kan breedweg in drie kategorieë verdeel word. Eerstens is daar algemene werke, hetsy deur een skrywer of saamgestel uit hoofstukke deur verskillende skrywers, wat verskillende aspekte van die kommissie aanspreek. Voorbeelde hiervan is *Looking Back, Reaching Forward* onder redaksie van Charles Villa-Vicencio en Wilhelm Verwoerd, *Commissioning the Past* met Deborah Posel en Graeme Simpson as redakteurs, *Truth and Reconciliation in South Africa* deur Lyn Graybill, *The South African Truth Commission* deur Kenneth Christie en Anthea Jeffrey se *The Truth about the Truth Commission*.

Tweedens is daar werke wat oor een spesifieke aspek van die WVK handel, byvoorbeeld oor amnestie. Daar vind ook oorvleueling plaas met die eerste kategorie in dié opsig dat sommige van die werke deur ’n enkele skrywer is, en ander saamgestel is uit hoofstukke deur verskeie outeurs. Voorbeelde in hierdie kategorie is *The Provocations of Amnesty*

[10] J. Wilson, *Understanding journalism: a guide to issues*, p.46.
[11] *Ibid.*, pp.52-53.

onder redaksie van Eric Doxtader en Charles Villa-Vicencio, Jeremy Sarkin se werk oor amnestie, *Carrots and Sticks: The TRC and the South African Amnesty Process*, *Between Anger and Hope*, Karen Chubb se studie oor Suid-Afrikaanse jeug en die WVK, en *The Theatre of Violence: narratives of protagonists in the South African conflict* deur Don Foster, Paul Haupt en Marésa de Beer.

’n Derde kategorie is dié van memoires of persoonlike herinneringe wat opgeteken is deur diegene wat in die een of ander hoedanigheid by die WVK betrokke was. Voorbeelde van hierdie soort werke is Wendy Orr se *From Biko to Basson* en Zenzile Khoisan se *Jacaranda Time*. Orr was een van die kommissarisse en Khoisan was as navorser by die WVK werksaam. Ander bekende werke in dié kategorie is Piet Meiring se *Kroniek van die Waarheidskommissie* (wat ook in Engels verskyn het as *Chronicle of the Truth Commission*), Alex Boraine se *A Country Unmasked* en Antjie Krog se *Country of my Skull*. Meiring was lid van die WVK se Menseregteskendingskomitee, en Krog het as radiojoernalis vir die SABC die sittings van die WVK bygewoon en oor die kommissie se werksaamhede verslag gedoen. Boraine, ondervoorsitter van die kommissie, se boek is nie net ’n optekening van sy herinneringe nie, maar gee ook ’n in-diepte weergawe van veral die totstandkoming van die kommissie, waarby hy nou betrokke was.

Pectora roborant cultus recti

’n Interessante aspek wat werke in al drie afdelings kenmerk, is dat daar byna deurgaans positief geskryf word oor die WVK. Hoewel daar in sommige gevalle kritiek gelewer word op enkele besluite of aspekte van die kommissie, wil dit voorkom asof die meerderheid van skrywers die WVK as geheel in ’n positiewe lig gesien het en dit beskou het as die beste moontlike manier waarop daar met die Suid-Afrikaanse verlede omgegaan kon word.

Slegs twee werke is by uitstek negatief oor die kommissie, naamlik Dan Roodt se *Om die Waarheidskommissie te vergeet* en Anthea Jeffrey se *The Truth about the Truth Commission.* Eersgenoemde teken beswaar aan teen dit wat die skrywer waarneem as ’n heksejag teen Afrikaners en blankes. Jeffrey voer aan dat die WVK nie die volle waarheid omtrent die verlede openbaar gemaak het nie, aangesien die voorkoms van

swart-teen-swart geweld in Natal en die voormalige Transvaal byna glad nie ter sprake gekom het by die WVK nie.

1.2.3. Besprekings van die media in algemene bronne oor die WVK

In die meerderheid bronne wat vir hierdie studie geraadpleeg is, word daar nie eksplisiet verwys na die rol van die media tydens die WVK se verhore nie. Wat opmerklik is, is dat daar meestal na die media verwys word in besprekings van die bepaling dat amnestieverhore oopgestel sal word aan belangstellendes.

Daar is egter ’n aantal uitsonderings hierop. Veral Jeremy Sarkin verwys in sy boek *Carrots and Sticks: The TRC and the South African Amnesty Process* na die interaksie tussen die media en die WVK, maar ook in die konteks van die amnestieproses. Hy toon aan dat daar in vergelyking met byvoorbeeld die sittings oor menseregteskendings, relatief min aandag in die media afgestaan is aan amnestieverhore. Slegs die verhore van ’n aantal prominente aansoekers het wyd dekking geniet.[12]

Sarkin toon verder ’n interessante verskil aan tussen die internasionale en plaaslike media: eersgenoemde het volgens hom veral gekonsentreer op die “politieke aspekte” van die kommissie en die aard van die menseregteskendings waaroor getuienis gelewer is. Die plaaslike media het egter weer gefokus op die omstredenheid rondom die kommissie en die sogenaamde “finger-pointing” wat daarmee gepaard gegaan het.[13]

Hy noem verder ook dat persverklarings wat uitgereik is omtrent die amnestiekomitee se doen en late dikwels uit onveranderde transkripsies van die WVK se besluite bestaan het. Sodoende het daar dikwels wanindrukke ontstaan in die pers, en dus by die leserspubliek, oor die werksaamhede van dié spesifieke komitee.[14]

Laastens verwys Sarkin na die rol van die Afrikaanse media, wanneer hy noem dat minister Omar die Afrikaanse pers daarvan beskuldig het dat hulle nie positiewe dekking

---

[12] J. Sarkin, *Carrots and Sticks: The TRC and the South African Amnesty Process*, p.5.
[13] *Ibid*., p.8.
[14] *Ibid*., p.15.

van die WVK lewer nie, en dus bydra tot die skep van negatiwiteit omtrent die kommissie onder die Suid-Afrikaanse publiek.[15]

Lynn Graybill verwys ook na die Afrikaanse media op ’n negatiewe manier, wanneer sy sê: “The Afrikaans press, especially in its newspapers *Rapport* and *Die Burger*, denounced the TRC as the ‘Lying and Confessing Commission’ and the ‘Truth and Provision Committee’, and did very little to encourage Afrikaners to engage seriously with the hearings”.[16]

Ook Verwoerd en Mabizela verwys in hul boek *Truths drawn in jest: commentary on the TRC through cartoons* na die Afrikaanse media op ’n soortgelyke negatiewe wyse. Hoewel genoemde boek hoofsaaklik spotprente oor die WVK bespreek wat in verskillende koerante verskyn het, verwys dit by meer as een geleentheid na dié groep in die mediawêreld as synde negatief en krities oor die WVK. Dié boek is gestruktureer volgens sekere temas rondom die WVK en bevat dan in elke hoofstuk ’n aantal spotprente uit verskillende Suid-Afrikaanse publikasies wat met daardie spesifieke tema te doen het. Telkens word die spotprente beskryf, sonder dat hulle geanaliseer word.

Interessant genoeg is daar die neiging om na die Afrikaanse pers as ’n monolitiese entiteit te verwys. Daar word selde verwys na afsonderlike koerante. Graybill, in die aanhaling hierbo, noem wel *Die Burger*, maar dit wil voorkom asof sy die Afrikaanse pers sien as ’n enkele eenheid, met ’n aantal publikasies wat aan die ‘eenheid’ behoort. Sy maak dus nie voorsiening vir die bestaan van redaksionele vryheid by die afsonderlike publikasies nie.

Ander bronne waarin daar na die rol van die media verwys word, is veral persoonlike herinneringe of memoires van diegene wat in een of ander hoedanigheid by die WVK betrokke was. Voorbeelde hiervan is Antjie Krog se *Country of my Skull*, ’n deels gefiksionaliseerde weergawe van haar betrokkenheid by die WVK as joernalis vir SABC

[15] J. Sarkin, *Carrots and Sticks*, p.12.
[16] L. Graybill, *Truth and Reconciliation in South Africa: miracle or model?*, p.92.

Radio, asook die WVK-ondervoorsitter Alex Boraine se boek *A Country Unmasked* waarin hy positief is oor die belangrike rol wat die media gespeel het in die oordrag van inligting aan die algemene publiek. Hierdie memoires verwys egter nie spesifiek na die Afrikaanse pers of enige Afrikaanse publikasies nie.

1.2.4. Studies oor die mediavoorstelling van die WVK

Slegs enkele akademiese studies is nog onderneem oor mediavoorstellings van die WVK.

Bronwyn Harris[17] kyk na hierdie onderwerp uit die oogpunt van die sielkunde, en gebruik sekere konsepte uit hierdie dissipline om te kyk na hoe die media en die WVK bydra tot die voortsetting van ’n tipe rassisme in die Suid-Afrikaanse samelewing. Sy fokus op briewe en redaksionele kommentaar in vier Engelse koerante, naamlik *The Citizen*, *The Star*, *The Mail & Guardian* en *The Sowetan*. Voorts strek haar studie hiervan oor ongeveer twee jaar.

Jannie Ferreira[18] ondersoek drie Kaapse dagblaaie, naamlik die *Cape Argus*, die *Cape Times* en *Die Burger*. Hy kyk spesifiek na hoe joernaliste van dié drie publikasies die WVK se sittings oor chemiese en biologiese oorlogvoering gedek het – met ander woorde, die studie fokus op nuusartikels. Dit kyk ook net na ’n beperkte tydperk in die WVK se verloop. Ferreira ondersoek ook hoe hekwagterskap (redaksionele kontrole oor watter nuus geplaas word) in hierdie drie blaaie toegepas is. Hy bevind dat al drie koerante die nuusgebeure rondom die betrokke WVK-sittings op ewewigtige wyse gedek het, maar dat *Die Burger* in terme van redaksionele kommentaar wel meer krities gestaan het teenoor die werksaamhede van die kommissie.

Hierdie twee is die enigste studies wat opgespoor kon word wat spesifiek na voorstellings van die WVK in koerante, hetsy dag- of weekblaaie, kyk. Daar is duidelik nog nie ’n studie onderneem na een enkele koerantbron nie, en net in die geval van Ferreira is daar

[17] B. Harris, Discourse: racism, responsibility and subjectivity in newspaper re-presentations of the South African Truth and Reconciliation Commission.
[18] J. Ferreira, Hekwagterskap tydens die Waarheids- en Versoeningskommissie se sitting oor chemiese en biologiese oorlogvoering soos gereflekteer in drie Kaapstadse dagblaaie.

gekyk na ’n Afrikaanse publikasie. Die twee studies neem ook net ’n gedeelte van die verloop van die WVK-proses in ag. Dus kan daar ’n studie onderneem word na die voorstelling van die WVK in *Die Burger* as enkele Afrikaanse koerantbron, en kan daar ook na die voor-ontstaanstydperk en uiteindelike afloop van die kommissie se bedrywighede gekyk word.

1.3. Metodologie

Eksemplare van *Die Burger* wat tussen 1990 en 2003 verskyn het, is bestudeer vir die doeleindes van hierdie tesis. Die redes vir die keuse van hierdie datums word in afdeling 1.1. van hierdie hoofstuk uiteengesit.

Spesifiek redaksionele kommentaar (hoofartikels en sekere rubrieke) is ondersoek. Die rede hiervoor is dat dié kommentaar die koerant se amptelike standpunt of houding weergee. In die geval van *Die Burger* is hierdie kommentaar geskryf deur die hoofredakteur of een van die assistent-redakteurs.[19]

Aangesien daar in dieselfde hoofartikel meer as een tema mag voorkom wat in hierdie studie bespreek word, mag die verskillende afdelings van die bespreking soms oorvleuel. Ten spyte hiervan is daar egter besluit dat die huidige indeling van die bespreking die beste is.

Heelwat aanhalings uit die betrokke hoofartikels is gebruik, aangesien die taalgebruik in en styl van dié berigte ’n goeie aanduiding gee van die intensiteit van *Die Burger* se houding teenoor die WVK.

Spotprente is nie by die ondersoek ingesluit nie. Hoewel die spotprenttekenaar opdragte ontvang oor wat om te teken, het hy steeds vryheid oor hoe om dit uit te beeld. Dit is dus moeilik om spotprente as deel van redaksionele kommentaar te analiseer, aangesien daar nie eksplisiete instruksies gegee word oor hoe sekere gebeure uitgebeeld moet word nie.

[19] Leopold Scholtz, persoonlike onderhoud, 28 Julie 2005, Kaapstad.

Onderhoude is gevoer met vier personeellede van *Die Burger* wat in die betrokke ondersoektydperk by die koerant gewerk het. Insigte wat tydens hierdie onderhoude verkry is, is gebruik in die bespreking van die ondersoekmateriaal. Die betrokke persone is:

- Ebbe Dommisse (redakteur van 1990 tot 2000)
- Leopold Scholtz (assistent-redakteur van die koerant gedurende die ondersoektydperk)
- Christo van Staden (verslaggewer wat tot 1997 verantwoordelik was vir meeste van die beriggewing oor die WVK)
- Jannie Ferreira (verslaggewer wat vanaf 1998 verantwoordelik was vir meeste van die beriggewing oor die WVK)

Daar is by die betrokke hoofartikels en rubrieke gekyk na tendense wat geïdentifiseer kan word by *Die Burger* se kommentaar oor die WVK. Dan is daar ook nagegaan of dié kommentaar as positief óf negatief bestempel kan word. Ten slotte is daar ondersoek ingestel na veranderinge in die amptelike standpunt oor tyd, en word moontlike verklarings vir enige sodanige veranderinge in die slothoofstuk van hierdie studie aangebied.

Pectora roborant cultus recti

Hoofstuk 2

Politieke verandering in Suid-Afrika en *Die Burger* se houding daarteenoor, 1990-1994

2.1. Inleiding

Die ontstaan en werksaamhede van die WVK was verbonde aan die breër konteks van die politieke veranderinge wat tydens die negentigerjare in Suid-Afrika plaasgevind het. Dié onderhandelde oorgangsproses het vanselfsprekend die aard van die land se uiteindelike politieke bestel beïnvloed. Die besondere aard van die WVK was op sy beurt weer ’n uitvloeisel van die politieke klimaat en bestel voor en ná 1994. Daar kan dus geargumenteer word dat die WVK se totstandkoming en die kenmerke daarvan te danke was aan die wyse waarop die politieke oorgang in Suid-Afrika plaasgevind het.[20] Colin Bundy beaam hierdie verwantskap met sy uitspraak dat: “[…] it is impossible to make much sense of the TRC unless one relates it to the political settlement arrived at between 1990 and 1993. The TRC was not merely a legal by-product of the political settlement, but in a more fundamental sense a crucial element of that settlement”.[21]

Daar het byvoorbeeld nie ’n gewelddadige magsoorname plaasgevind nie, en dus was daar nie sprake van absolute ‘wenners’ of absolute ‘verloorders’ nie – slegs van verskillende partye wat met mekaar onderhandel het vir ’n nuwe politieke bestel en ’n verenigde Suid-Afrika. Daarom kon daar nie Neurenberg-tipe verhore gehou word waar een party as skuldige uitgewys is en die ander as die ‘morele oorwinnaar’ nie, en moes ’n meer algemeen aanvaarbare manier gevind word om met die land se verlede om te gaan.[22] Kompromieë moes dus aangegaan word deur deelnemers aan die proses. Op voetsoolvlak was daar egter vlaag op vlaag van politieke geweld, asook reekse massa-aksies wat plaasgevind het weens ontevredenheid oor die verloop van die

---

[20] J. de Lange, “The historical context” in C.Villa-Vicencio and W.Verwoerd (eds.), *Looking Back Reaching Forward: reflections on the Truth and Reconciliation Commission of South Africa*, pp.17-18.
[21] C. Bundy, “The Beast of the Past: History and the TRC” in W. James and L. van der Vijfer (eds.), *After the TRC: reflections on truth and reconciliation in South Africa*, p.10.
[22] P. Meiring, *Kroniek van die Waarheidskommissie: op reis deur die verlede en die hede na die toekoms van Suid-Afrika*, p.10; L. Graybill, *Truth and Reconciliation in South Africa*, p.2.

onderhandelingsproses. Hier kan ’n belangrike rede vir die ontstaan van die WVK geïdentifiseer word – om versoening te probeer bewerkstellig in ’n samelewing wat op die vooraand van demokrasie nog diep verdeeld was.

Of die WVK egter die mees aanvaarbare manier was om ondersoek in te stel na die menseregteskendings en ander aspekte van Suid-Afrika se apartheidsverlede, was ’n twispunt gewees onder waarnemers van die proses. ’n Ondersoek na die WVK moet gepaardgaan met ’n blik op die onderhandelde politieke oorgang waarin sy wortels lê.

Hieronder volg ’n beknopte oorsig van die tydperk waarin hierdie onderhandelinge plaasgevind het, en hoe daar ná Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing begin is met die oprigting van die WVK. Daarna sal ondersoek ingestel word na die manier waarop *Die Burger* in hoofartikels en sekere rubrieke kommentaar gelewer het tydens die verloop van die onderhandelingsproses, en dieselfde sal dan gedoen word met die tydperk tussen 1994 en 1995.

2.2. Onderhandelinge en oorgang in die vroeë negentigerjare

2.2.1. F.W. de Klerk se aankondiging op 2 Februarie 1990

Ná die bedanking van P.W. Botha as president, is F.W. de Klerk op 20 September 1989 in dié amp ingehuldig. Mandela het reeds in 1988 in ’n brief aan die Regering aangedui dat die African National Congress (ANC) bereid sou wees om ’n politieke skikking deur onderhandeling te probeer bereik. Ná die inhuldiging van De Klerk, wat ook só ’n onderhandelde skikking voorgestaan het, was die weg dus gebaan vir die Regering om op meer amptelike wyse die onderhandelingsproses ’n aanvang te laat neem.[23]

President FW de Klerk het op 2 Februarie 1990 tydens sy parlementêre openingstoespraak aangekondig dat die ANC en ander politieke organisasies ontban word, dat Nelson Mandela en ander politieke gevangenes vrygelaat sal word en dat ’n aantal apartheidswette geskrap word. Hy het voorts aangedui dat gesprekke rondom ’n

[23] S. Friedman, *The long journey*, pp.9-10.

nuwe politieke bestel vir Suid-Afrika ’n aanvang kon neem. Hoewel genoemde toespraak as ’n belangrike baken op pad na ’n nuwe Suid-Afrika gesien kan word, het die onderhandelingsproses sy vroegste wortels in ’n reeks gesprekke tussen die ANC en die Regering wat reeds in die vroeë tagtigerjare begin het en deur dié dekade voortgesit is.[24]

2.2.2. Die vroeë negentigerjare

Ten spyte van die ontbanning van die ANC en ander bevrydingsbewegings, wou die Regering nie sonder meer die mag oorhandig aan ’n (swart) meerderheidsregering nie, maar was eerder van plan om hom tydens gesprekke en ’n onderhandelingsproses van onbepaalde duurte vir ’n vorm van magsdeling te beywer waarin vetoreg oor besluite tot ’n mate behou kon word.[25] Hierteenoor het die ANC aanvanklik geëis dat ’n demokraties verkose grondwetgewende vergadering so gou doenlik, selfs so vroeg as 1992, die bewind moes oorneem. Dié kwessies sou van die grootste knelpunte tydens latere onderhandelinge word.

Net meer as ’n week ná hierdie toespraak is Nelson Mandela op 11 Februarie 1990 uit die tronk vrygelaat. Die onderhandelingsproses kon nou in alle erns begin. Die eerste amptelike vergadering van verteenwoordigers uit die geledere van die Regering en die ANC het op 2 Mei 1990 plaasgevind, met afvaardigings van beide groepe wat by Groote Schuur in Kaapstad byeengekom het.[26] Tydens dié byeenkoms is daar ooreengekom op ’n aantal punte, onder meer die opheffing van die noodtoestand en onderhandelinge oor ’n einde aan politieke geweld.[27] Dié besluite is saamgevat in ’n dokument wat as die Groote Schuur-minuut bekend gestaan het.

Bogenoemde besluite is gedurende die volgende paar maande geleidelik in werking gestel, en op 6 Augustus 1990 het die twee groepe weer bymekaar gekom, hierdie keer in Pretoria. By hierdie geleentheid is die Pretoria-minuut opgestel, waarin veral voorsiening

---

[24] A.H. Marais, Negotiations for a democratic South Africa 1985-1992, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 18(2), 1994, p1.
[25] S. Friedman, *The Long Journey*, p.1
[26] A.H. Marais, Negotiations for a democratic South Africa 1985-1992, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 18(2), 1994, p.4.
[27] *Ibid*., p.5; A. Sparks, *Tomorrow is another country: inside the new South Africa*, p.96.

gemaak is vir die vrylating van politieke gevangenes.[28] Die ANC het hier ook aangekondig dat hy sy gewapende stryd ter wille van vreedsame onderhandelinge opskort.

Hoewel hierdie twee vergaderings bedoel was om alle struikelblokke uit die weg van die onderhandelingsproses te ruim, het die proses nog steeds nie voldoende op dreef gekom nie. Drie faktore was hoofsaaklik hiervoor verantwoordelik.[29] Eerstens het die ANC geweier om sy gewapende vleuel Umkhonto we Sizwe te ontbind en om die wapens in sy besit prys te gee, ten spyte van die aanvanklike onderneming ten opsigte van die opskorting van die gewapende stryd. Tweedens was daar verskille tussen die Nasionale Party (NP) en die ANC oor watter roete gevolg moes word vir die opstel van ’n nuwe grondwet. Die grootste probleem was egter die voortslepende geweld tussen ANC- en Inkatha Vryheidsparty (IVP)-ondersteuners in sekere dele van die land. Hierdie geweldpleging het gestyg tot op ’n vlak hoër as dié wat in die tagtigerjare tot die noodtoestand aanleiding gegee het.[30]

Ná die ANC gedreig het om aan onderhandelinge te onttrek indien daar nie voldoen word aan sekere eise in verband met die beëindiging van geweld nie, is daar in Mei en September 1991 veelparty-gesprekke gehou wat spesifiek daarop afgestem was om die kwessie van geweld aan te spreek. Hierna is daar wel aan sommige van die ANC se eise voldoen.[31] Die meeste belangegroepe het aan ’n tweede veelparty-gesprek deelgeneem, en by hierdie byeenkoms is die Nasionale Vredesverdrag opgestel. Dié verdrag het onder meer die daarstelling van ’n kommissie van ondersoek behels wat gevalle van geweld sou nagaan en wat ook sulke gevalle sou probeer voorkom. Die stigting van só ’n kommissie was een van die eise wat die ANC in April 1991 aan die Regering gestel het.

2.2.3. Konvensie vir ’n demokratiese Suid-Afrika (Kodesa)

---

[28] S.Friedman, *The long journey*, p.14.
[29] A.H. Marais, Negotiations for a democratic South Africa 1985-1992, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 18(2), 1994, pp.6-7.
[30] S. Friedman, *The long journey*, p.15.
[31] *Ibid*., p.16.

Die agenda vir die eerste amptelike sitting van die Konvensie vir ’n demokratiese Suid-Afrika (Kodesa I) het die volgende sake ingesluit: die wetlike afdwingbaarheid van Kodesa se besluite, die daarstel van ’n grondwetgewende vergadering asook die skep van ’n tussentydse regering, die toekoms van die tuislande en laastens die rol wat die internasionale gemeenskap tydens die onderhandelingsproses behoort te speel.[32] Dié sitting het op 20 en 21 Desember 1991 by die World Trade Centre in Kempton Park plaasgevind. Kodesa I was egter merendeels ’n seremoniële geleentheid, eerder as wat dit gemik was op die neem van daadwerklike besluite omtrent die toekoms.[33]

As gevolg van ’n onvermoë om tot ’n vergelyk te kom oor kwessies soos streekregering en die ANC se aandrang op ’n vinniger einde aan die onderhandelingsproses, en die daaropvolgende onttrekking van dié party, het Kodesa se werksaamhede effektief opgehou en is dié spesifieke deel van die onderhandelingsproses deur verskeie kommentators as ’n mislukking beskryf, aangesien sekere doelwitte nie bereik is nie en die proses tot ’n stilstand gekom het.[34]

2.2.4. Massa-aksie en ’n terugkeer na die onderhandelingstafel

Nadat die werksaamhede van Kodesa tot ’n stilstand gekom het, is ’n grootskaalse veldtog van massa-aksie beplan om die Regering tot die oorgawe van mag te dwing.[35] Dit het egter mettertyd duidelik geword dat dié veldtog nie so effektief is as waarvoor die ANC gehoop het nie, en daar is dus begin om die onderhandelingsproses teen einde 1992 weer aan die gang te probeer kry, met ’n beraad oor die oplossing van politieke geweld wat in September 1992 plaasgevind het.[36]

Hierna hervat veelparty-onderhandelinge met die eerste sitting van die Onderhandelingsforum op 1 April 1993. ’n Stel grondwetlike beginsels wat as die basis van die nuwe tussentydse grondwet sou dien, is op 1 Julie 1993 goedgekeur. Ná dié

[32] A.H. Marais, Negotiations for a democratic South Africa 1985-1992, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 18(2), 1994, p.9.
[33] S. Friedman, *The long journey*, p.23.
[34] A.Sparks, *Tomorrow is another country*, p.106.
[35] J.A. du Pisani, Negotiating a democratic South Africa: bilateral and multiparty negotiations, June 1992 to December 1993, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 19(2), 1994, p.28.
[36] *Ibid*, pp.34-35.

datum is die onderhandelingsproses voortgesit en is ’n aantal konsepgrondwette aan die Onderhandelingsforum voorgelê. Op 17 November 1993 is die “oorgangspakket” wat oor ’n tydperk van ongeveer agt maande beding is, finaal goedgekeur.[37] Op 26 November 1993 het F.W. de Klerk die Tussentydse Oorgangsraad bekragtig – Suid-Afrika was nou op die drumpel van ’n nuwe tydperk in sy geskiedenis.

2.3. Die eerste demokratiese verkiesing in 1994

2.3.1.Wetgewing wat die politieke oorgang gereguleer het

In Julie 1993 is ’n aanvanklike weergawe van ’n tussentydse grondwet vir die goedkeuring van die onderhandelingsraad by die World Trade Center ter tafel gelê. Een van die wette wat uiteengesit is in hierdie grondwet en wat deur die onderhandelingsraad goedgekeur is, was dié wat voorsiening gemaak het vir die daarstelling van ’n Uitvoerende Oorgangsraad (UOR). Hierdie liggaam sou verantwoordelik wees vir die skep van ’n klimaat van politieke vryheid en die fasilitering van die eerste demokratiese verkiesing, en daardeur vir die oorgang na ’n demokratiese bestel.[38] In November 1993 het die oorgangsraad ook feitlik eenstemmig gestem ten gunste van magsdeling tot aan die einde van 1999. Hierdie magsdeling sou geskied deur middel van ’n regering van nasionale eenheid, met twee adjunk-presidente en ’n veelparty-kabinet.

Op 17 November 1993 is die konsepweergawe van die tussentydse grondwet finaal aanvaar deur die deelnemers aan die onderhandelingsproses. Nadat die Uitvoerende Oorgangsraad op 23 November deur middel van ’n presidensiële proklamasie in die lewe geroep is, is die tussentydse grondwet ook deur die parlement aanvaar. Teen die begin van 1994 was die onderhandelingsproses dus feitlik afgehandel en is die tydperk Januarie tot April 1994 grotendeels afgestaan aan verkiesingsveldtogte deur die onderskeie partye.[39]

---

[37] *Ibid*., p.64.
[38] J.A. du Pisani, Negotiating a democratic South Africa: bilateral and multiparty negotiations, June 1992 to December 1993, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 19(2), 1994, p.57.
[39] *Ibid*., p.68.

2.3.2. Die bewindsoorname van die Regering van Nasionale Eenheid

Die aanloop tot die verkiesing op 27 April 1994 is deur onsekerheid gekenmerk.[40] Een rede vir dié onsekerheid was die onduidelikheid rondom die deelname van die Inkatha Vryheidsparty aan die verkiesing. Indien hierdie partye nie oortuig kon word om deel te neem nie, sou die geloofwaardigheid van die verkiesing bevraagteken kon word.[41] Ná multilaterale gesprekke tussen dié partye, die ANC en die NP, het die IVP en die nuutgestigte Vryheidsfront (VF) in Maart 1994 as partye geregistreer. Die VF se deelname is beslis nadat die ANC en NP die versekering gegee het dat ’n Afrikaner-volkstaat wel oorweeg sou word. Ná internasionale bemiddeling het ook die IVP sy deelname aan die verkiesing bevestig.

Die tydperk voor die verkiesing is gekenmerk deur politieke geweld, en onsekerheid omtrent die toekoms van Suid-Afrika het voorgekom onder sommige dele van die wit bevolking – kort voor die verkiesing kon daar byvoorbeeld ’n styging in emigrasie-syfers waargeneem word, en op die plaaslike front het vrees vir onder andere kragonderbrekings en voedseltekorte gelei tot die opgaar van voorrade.[42] Hieruit is dit duidelik dat ’n positiewe houding teenoor die oorgang na ’n ‘nuwe Suid-Afrika’ nie by alle lede van die bevolking te bespeur was nie.

Die verkiesing self het egter relatief vreedsaam verloop. Met die uitsondering van geïsoleerde pogings tot bomaanvalle deur ver-regse groepe, het daar nie voorvalle van geweld plaasgevind nie. Dié stand van sake is in werke oor die politieke oorgang deur binne- en buitelandse skrywers as ’n ‘wonderwerk’ beskryf. Die Onafhanklike Verkiesingskommissie [43], asook buitelandse waarnemers en die meerderheid deelnemende partye, het later verklaar dat die verkiesing vry en regverdig was, ten spyte

[40] A.C.P. Strauss, Reaction to the 1994 South African general elections, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 19(2), 1994, p.291.
[41] *Ibid*., p.292.
[42] *Ibid*., p.293.
[43] Hierdie onafhanklik liggaam was verantwoordelik vir die logistieke organisering van die 1994-verkiesing, asook vir die bekragtiging van die verkiesingsuitslae.

van haakplekke en onreëlmatighede wat tydens die kiesproses voorgekom het.[44] Ten spyte daarvan dat die verkiesing relatief glad verloop het, en dat die meerderheid van deelnemers en waarnemers die uitslae goedgekeur het, was daar steeds verdeeldheid binne die Suid-Afrikaanse samelewing.[45]

Die grondwet is op 25 Januarie finaal goedgekeur, en het op 27 April in werking getree. Reeds in die voorwoord hiervan is onder meer ’n strewe na nasionale eenheid uitgedruk, en is daar verwys na gelykheid en die ideaal van ’n gedeelde Suid-Afrikaanse burgerskap vir alle inwoners van die land. In die gevolgtrekking tot die grondwet is daar weer ’n oproep vir nasionale eenheid en versoening. Dié afdeling sê ook dat die toekenning van amnestie vir politieke dade deur ’n latere wet bekragtig sou word, en noem dat ’n afsnypunt tussen 8 Oktober 1990 en 6 Desember 1993 hiervoor sal geld. Daar word egter nog nie uitdruklik genoem deur watter liggaam en presies volgens watter kriteria hierdie amnestie toegeken sou word nie.

Een voorgestelde moontlikheid was Neurenberg–tipe verhore[46] waartydens diegene wat sogenaamde growwe menseregteskendings gepleeg het, voor die reg gedaag kon word. Dié opsie was egter nie geskik binne die Suid-Afrikaanse konteks nie, aangesien die omstandighede hier verskil het van dié in na-oorlogse Europa. By laasgenoemde was daar sprake van ’n duidelike “wenner” en “verloorder”, terwyl die situasie in Suid-Afrika ’n onderhandelde oorgang na demokrasie behels het.[47]

’n Ander moontlike opsie was om ’n algemene amnestie aan te kondig. Dit sou behels dat alle oortreders vrygestel word van vervolging, soortgelyk aan die algemene vrywaring wat by die onafhanklikwording van lande soos Zimbabwe en Namibië aan oortreders gegee is. Die argument teen hierdie opsie was dat só ’n algemene vrywaring nie sou bydra tot ’n groter kennis van die verlede nie, en dat die onder-die-tafel-vee van wandade tot opgekropte woede by veral die slagoffers daarvan sou lei – en hierdie woede sou

[44] J. Jackson, *The 1994 Election: an Analysis* in *The New South Africa: Prospects for Domestic and International Security*, pp.10-11.
[45] *Ibid*., p.15.
[46] Verhore vir lede van die Nazi-regime wat ná die Tweede Wêreldoorlog van oorlogsmisdade aangekla is.
[47] P. Meiring, *Kroniek van die Waarheidskommissie*, p.10.

moontlik later tot gewelddadige uitbarsting kon kom.[48] So ’n benadering sou ook nie kon bydra tot ’n groter kennis van sekere aspekte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis nie.

Daarom is uiteindelik besluit op die daarstelling van die Waarheids- en Versoeningskommissie as die beste opsie vir die ‘hantering’ van die Suid-Afrikaanse verlede tussen 1960 en 1994. Soos reeds genoem, is die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening in Mei 1995 aan die Parlement voorgelê en is dit ook aanvaar. Bepalings omtrent die samestelling en funksionering van die WVK is in hierdie wet vervat.

Volgens die WVK se verslag het dié kommissie ontstaan as deel van die proses om Suid-Afrikaners “weg [te lei] van ’n diep verdeelde verlede na ’n toekoms gebou op die erkenning van menseregte en demokrasie”.[49] Op 17 Mei 1995 is die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening in die Parlement bekendgemaak. Die bewoording van hierdie wet toon ooreenkomste met dié van die tussentydse grondwet – soos die naam aandui, is daar gewys op die noodsaaklikheid van eenheid en versoening. Verder is daar weereens melding gemaak van die behoefte daaraan om weg te beweeg van die konflikte van die verlede.[50] Ná beraadslaging deur die Parlement is dié wet in Julie 1995 amptelik goedgekeur.

Die wet het voorsiening gemaak vir die stigting van ’n kommissie om ondersoek in te stel na die tydperk tussen 1960 en 1994. Benewens die verskillende aspekte van die betrokke tydperk waarna ondersoek ingestel moes word, het die wet ook gestipuleer watter kriteria vir die toekenning van amnestie moes geld. Verder is daar genoem dat die kommissie aan die president verslag sou moes doen oor hul uiteindelike bevindinge, asook dat aanbevelings gemaak moes word oor die vergoeding van slagoffers van menseregte-skendings in die tydperk wat deur die kommissie ondersoek sou word.[51]

---

[48] *Ibid*., p.11.
[49] *Truth and Reconciliation Commission of South Africa Report* I, p.48.
[50] *Ibid*., p.48.
[51] *Ibid*., pp.55-57.

2.3.3. Die nuwe regering, nasionale eenheid en versoening

Ná die bewindsoorname van die ANC het president Mandela in drie toesprake, onder andere by sy inhuldiging en die Parlementsopening, verwys na die belangrikheid van versoening, eenheid en nasiebou. Dit was dus hier reeds duidelik watter belangrike plekke dié konsepte voortaan sou inneem. Mandela het verder telkens genoem dat die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram vir die regering ’n prioriteit sou wees.[52] Dié program is bedoel as regstelling vir die ekstreme ongelykheid wat op ekonomiese en maatskaplike vlak in die Suid-Afrikaanse samelewing geheers het – ongelykheid wat grootliks ras-gebaseerd was.[53]

Die ekonomiese en maatskaplike ongelykhede wat ná die 1994-verkiesing in die Suid-Afrikaanse samelewing bly voortbestaan het, het die potensiaal ingehou vir konflik en die daarmee gepaardgaande ontwrigting van die samelewing.[54] Die Hop-program was dus nie net nodig om bestaande ekonomiese wanbalanse reg te stel nie, maar het ook ten doel gehad om ’n bydrae te maak tot die skep van ’n eenheidsgevoel onder die lede van die Suid-Afrikaanse samelewing.

Volgens Alex Boraine was hierdie “ekonomiese geregtigheid” ewe belangrik as versoening en die skep van ’n gedeelde herinnering aan die verlede (“herstel van die morele orde”) wat veral deur middel van die Waarheids- en Versoeningskommissie moes plaasvind.[55] Die WVK was dus nie die enigste meganisme wat aangewend is in die proses van “nasiebou” en die herstrukturering van die Suid-Afrikaanse samelewing nie. Benewens die Hop-program is ander liggame ook deur die regering ingestel om genoemde doelwitte te bereik, waarvan die Grondeise-kommissie en die Menseregtekommissie onder die belangrikstes tel.[56]

---

[52] A.C.P. Strauss, Reaction to the 1994 South African general elections, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 19(2), 1994, p.304.
[53] S. Marks, Social Change, Order and Stability in *The New South Africa: Prospects for Domestic and International Security*, p.25
[54] A. Boraine, Introduction, in A. Boraine en J. Levy (eds.) *The healing of a nation?*, p.xiv.
[55] *Ibid*., p.xvii.
[56] K. Christie, *The South African Truth Commission*, pp.102-103.

2.4. *Die Burger* se houding teenoor politieke veranderinge in die tydperk tussen 1990 en 1994

Gedurende die tydperk 1990 tot 1994 het *Die Burger* daagliks minstens een berig, hoofartikel of spotprent oor die veranderende politieke bestel gedra, en is verwikkelinge in die onderhandelingsproses deeglik gedek.

Die koerant het dit reeds met die aanvang van die jare negentig duidelik gemaak dat hy ten gunste van ’n nuwe Suid-Afrika is. Daar is in hoofartikels aangedui dat onderhandelinge die enigste manier is om ’n politieke oorgang te bewerkstellig.[57] Die alternatief tot onderhandelinge was geweld tussen verskillende groepe, en hiervoor was *Die Burger* nie te vinde nie. In ’n hoofartikel wat op 8 Januarie 1990 verskyn het, is daar byvoorbeeld die mening uitgespreek dat die tyd aangebreek het vir verandering en dat die Regering die weg gebaan het vir onderhandelinge, maar dat die ANC sou moes afsien van gewelddadige taktiek indien hy politieke vryheid gegee word.[58]

Hier blyk ook reeds ’n aanduiding te wees van ’n ander belangrike tendens in die koerant se dekking – hoewel die oorgangsproses as geheel goedgekeur en ondersteun is, en die idee onderskryf is dat apartheid uitgedien was, het *Die Burger* se steun steeds veral aan die kant van die Regering (en spesifiek die Staatspresident) gelê.[59] Daar het selde of nooit ’n redaksionele berig verskyn waarin die aksies van die Nasionale Party gekritiseer is nie, terwyl die ANC gereeld aangepraat is oor onder meer die voortdurende politieke geweld en hulle aanvanklike ekonomiese beleid. In aansluiting hierby is daar dikwels aangedui dat die ANC meer versigtig moes wees oor sy keuse van bondgenote. Die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party, asook dié se invloed op die ANC se ekonomiese beleid, is byvoorbeeld in ’n negatiewe lig beskou.

---

[57], *Die Burger*, 13.2.1992, hoofartikel, Raakpunte by Kodesa. Sien ook *Die Burger*, 25.3.1992, hoofartikel, Oorgangsmaatreëls.
[58] *Die Burger*, 8.1.1990, hoofartikel, Die tyd is ryp.
[59] Sien *Die Burger*, 1.4.1992, hoofartikel, ’n Mandaat uitgevoer.

Die feit dat die ANC aanvanklik nie sy gewapende vleuel Umkontho we Sizwe wou ontbind of van sy wapens wou afstand doen nie, het ook kritiek uitgelok in die koerant.[60] Tydens die onderhandelingsproses, toe die ANC wel genoemde stappe geneem het en wat beleid aanbetref nader aan die NP beweeg het, is eersgenoemde party geloof.[61]

Ver-linkse én ver-regse partye is egter onomwonde gekritiseer en in ’n relatief negatiewe lig uitgebeeld.[62] Veral geweldpleging deur sulke partye of organisasies is veroordeel. Die amptelike opposisie-party, die KP, het ook onder redaksionele kritiek deurgeloop.[63] Die koerant se kritiek was veral gemik op die partyleiers se gedurig teenstrydige uitsprake oor hul beleidsrigtings, hul hardnekkige aandrang op selfbeskikking vir die Afrikaner en ’n eie volkstaat. Laasgenoemde eis is deur *Die Burger* as geheel onhaalbaar en onprakties beskou.[64]

2.5. *Die Burger* se houding teenoor die 1994-verkiesing en ANC-bewindsoorname

Aan die einde van 1993 vind ’n aanval op die Heidelberg-taverne in Kaapstad plaas. Daarom begin 1994 eerder met ’n fokus op voortslepende politieke geweld in Suid-Afrika, en in ’n hoofartikel met die opskrif “Nog eens terreur”, wat op 3 Januarie 1994 verskyn, word hierdie aanval skerp veroordeel.[65] Daar word in dieselfde artikel verwys na “radikale swart groepe” wat bloot “in alleenheerskappy en ’n nuwe vorm van verdrukking belang[stel]”. In dieselfde kommentaar word die mening uitgespreek dat politieke geweld die grootste uitdaging is vir die bewindsoorname van ’n nuwe regering.

Benewens beriggewing en kommentaar oor politieke geweld, word daar met die aanvang van 1994 heelwat aandag gegee aan die onderskeie partye se voorbereidings vir die

---

[60] Sien byvoorbeeld *Die Burger*, 18.5.1992, hoofartikel, Geen towerstaf en *Die Burger*, 18.5.1992, ANC is die remskoen.
[61] *Die Burger*, 20.2.1992, hoofartikel, Groter ANC-pragmatisme. Sien ook *Die Burger*, 2.4.1992, hoofartikel, ANC-snedigheid.
[62] *Die Burger*, 23.1.1992, hoofartikel, Parlement en Kodesa. Sien ook *Die Burger*, 15.1.1992, Dawie, Ver-regse blufspel met politiek van absurde; *Die Burger*, 12.2.1992, hoofartikel, Regse jakkalsdraaie
[63] *Die Burger*, 23.1.1992, hoofartikel, Parlement en Kodesa.
[64] *Die Burger*, 28.1.1992, hoofartikel, KP-leier se strooihalms. Sien ook *Die Burger*, 15.2.1992, Dawie, Ver-regse blufspel met politiek van absurde; *Die Burger*, 12.2.1992, hoofartikel, Regse jakkalsdraaie.
[65] *Die Burger*, 2.1.1994, hoofartikel, Nog eens terreur.

komende verkiesings. Negatiewe kommentaar word in etlike hoofartikels gelewer oor die ANC se kieslys.[66] In die hoofartikel "ÄNC-lys spreek boekdele" word byvoorbeeld gesê dat die groot aantal lede van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) wat op die ANC se kieslys verskyn, sal 'n negatiewe uitwerking op die toekoms van Suid-Afrika hê indien hulle tot die Parlement verkies sou word. Die leser kan hier dus reeds teenkanting teen die ANC bespeur.

Dat *Die Burger* se houding as anti-ANC bestempel kan word, blyk byvoorbeeld verder uit 'n hoofartikel wat op 12 Januarie 1994 verskyn het en opposisiepartye aanspoor om "hande te vat by die stembus", ten einde 'n oorwinning deur die "ANC-alliansie" te voorkom.[67] Eerder as wat kiesers aangemoedig word om vír 'n spesifieke party te stem, wil dit hier voorkom asof hulle aangemoedig word om téén 'n party te stem.

Hoewel die suksesvolle verloop van die verkiesing op 27 April 1994 positief deur *Die Burger* ontvang is in nuusberigte, kan teenkanting teen die nou-bewindhebbende ANC in die koerant se kommentaar aangedui word. Op 3 Mei word daar in die hoofartikel "Moed en hoop" die mening uitgespreek dat die ANC nie 'n tweederde-meerderheid in die verkiesing sal kry nie, en dat die teenwoordigheid van ander partye in die kabinet positief sal wees vir die toekoms van Suid-Afrika.[68] 'n Ander hoofartikel wat op dieselfde dag verskyn handel oor die oorwinning wat die NP in die Wes-Kaap behaal het, en *Die Burger* se ondersteuning vir dié party blyk weer duidelik wanneer daar gesê word "*Die Burger*...vereenselwig hom graag met sy lesers".[69]

Op 4 Mei verskyn daar 'n hoofartikel onder die opskrif "Lojale opposisie". Hierin reageer die koerant soos volg op die uitslag van die verkiesing: "Ons sou huigel as ons nie sê dat ons dit anders wou gehad het nie". Die koerant se houding teenoor die nuwe regering word dan uitgestippel: "As die oudste Afrikaanse dagblad sal ons in landsbelang soos in

---

[66] *Die Burger*, 10.1.1994, hoofartikel, ANC-lys spreek boekdele. Sien ook *Die Burger*, 7.2.1995, hoofartikel, Anti-Suid-Afrikaans.
[67] *Die Burger* ,12.1.1994, hoofartikel, Peilings nie Alfa en Omega. Sien ook: *Die Burger*, 4 Februarie 1994, hoofartikel, Veg saam teen ANC.
[68] *Die Burger*, 3.5.1994, hoofartikel, Moed en hoop.
[69] *Die Burger*, 3 Mei 1994, hoofartikel, Wes-Kaapland se keuse.

die verlede ’n konstruktiewe rol probeer speel, met as uitgangspunt Suid-Afrika eerste. Ons sal aan ’n regering van nasionale eenheid steun gee wanneer hy steun verdien, in die besonder om ’n gees van versoening in ’n diep verdeelde samelewing te bevorder en om aktief met die opbou van die land te help” [70]. In dieselfde stuk word daar sterk kritiek uitgespreek teen die moontlikheid van magsmisbruik en korrupsie in die nuwe regering, en word daar genoem dat die koerant ten sterkste gekant is teen dergelike praktyke.

Dit is dus duidelik dat, hoewel *Die Burger* sekere bedenkinge uitgespreek het en ’n aantal punte van kritiek oor veranderinge op die politieke toneel gehad het, die koerant versigtig optimisties was oor die oorgang na ’n nuwe bestel.

[70] *Die Burger*, 4 Mei 1994, hoofartikel, Lojale opposisie.

Hoofstuk 3

Die totstandkoming van die Waarheids- en Versoeningskommissie in 1995

3.1. Inleiding

Die Waarheids- en Versoeningskommissie is een van die mees prominente instellings wat gevestig is na aanleiding van die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening. Die uitgangspunt van die WVK was dat die openbaarmaking van dikwels nog onbekende gebeure (byvoorbeeld menseregteskendings en dade wat in die naam van politiek gepleeg is) uit die Suid-Afrikaanse verlede sou bydra tot die skep van ’n gees van versoening en van eenwording.[71] Met ander woorde, die onthulling van gebeure uit die verlede, spesifiek uit die tydperk 1960 tot 1994, maak dit moontlik vir verskillende groepe om mekaar te vergewe, om te versoen, en dus om as “nasie” groter eenwording te bereik. Verder sou die onthulling van voorheen onbekende gebeure bydra tot die skep van ’n ‘gemeenskaplike’ Suid-Afrikaanse geskiedenis, waarin die ervarings van alle bevolkingsgroepe ewe prominent figureer. Dié doelstellings word op die volgende wyse beskryf in Charles Villa-Vicencio en Wilhelm Verwoerd se inleiding tot *Looking Back Reaching Forward: Reflections on the Truth and Reconciliation Commission of South Africa*:

> *“…the TRC was but one initiative in a bridge-building exercise. It was designed to take the country from a deeply divided past, characterised by strife, conflict, suffering and injustice, to a future founded on the recognition of human rights, democracy and peaceful co-existence.”*[72]

3.2. Kenmerke van die Waarheids- en Versoeningskommissie

Die Suid-Afrikaanse Waarheids- en Versoeningskommissie was nie die eerste van sy soort in die wêreld nie. Negentien soortgelyke kommissies is al elders aangebied,

[71] J. de Lange, “The Historical Context” in C. Villa-Vicencio en W. Verwoerd (eds.), *Looking Back Reaching Forward*, pp.16-17.
[72] C. Villa-Vicencio en W. Verwoerd (eds.), *Looking Back Reaching Forward*, p.xv.

hoofsaaklik in verskeie Suid-Amerikaanse lande. Die WVK is egter in ’n aantal opsigte uniek. Een hiervan is dat die WVK nie net gefokus het op die vervolging van skuldiges nie, maar ook ondersoek ingestel het na die konteks waarin wandade plaasgevind het – met ander woorde, daar is probeer om so ’n volledige beeld as moontlik van die land se verlede te skep. Ook die mag om amnestie toe te staan aan skuldiges, was ’n unieke aspek van die plaaslike WVK.[73]

Die Waarheids- en Versoeningskommissie se mandaat was viervoudig. Eerstens moes daar so ’n volledig moontlike beeld van die onlangse Suid-Afrikaanse verlede gevind word, spesifiek van menseregteskendings tussen 1 Maart 1960 en 10 Mei 1994. Die WVK was ook verantwoordelik vir die fasilitering van die toekenning van amnestie aan diegene wat bereid was om volledige verklarings te maak aangaande hul betrokkenheid by sulke menseregteskendings. Derdens moes slagoffers die geleentheid gegee word om oor hul ervarings te getuig, en moes hulle vir hul lyding vergoed word. Laastens moes ’n verslag van die kommissie se bevindinge saamgestel word.[74]

Nadat die WVK vroeër in 1995 in die lewe geroep is, is die name van die kommissarisse wat daarin sou dien, op 15 Desember 1995 bekendgemaak. Alhoewel die finale keuse van kommissarisse by president Mandela berus het[75], is nominasies ook van die publiek gevra, en is ’n komitee (bestaande uit verteenwoordigers van verskillende politieke partye) aangewys om onderhoude met die aansoekers te voer en ’n kortlys van moontlike kandidate saam te stel.[76]

In November 1995 is Aartsbiskop Desmond Tutu as voorsitter van die kommissie aangestel, en Alex Boraine, voormalige parlementslid en hoof van die Instituut vir ’n Demokratiese Suid-Afrika (IDASA), as ondervoorsitter. Die ander kommissarisse was Mary Burton (van die vroue-organisasie Black Sash), adv Chris de Jager (voormalige LP

---

[73] P. Hayner, “Same Species, Different Animal” in C. Villa-Vicencio en W. Verwoerd (eds.), *Looking back, reaching forward*, pp. 36-41.
[74] J. de Lange, “The Historical Context” in C. Villa-Vicencioen W. Verwoerd (eds.), *Looking back, reaching forward*, pp.22-23.
[75] *Truth and Reconciliation Commission of South Africa Report* I, p.44.
[76] T. Lodge, *Politics in South Africa: From Mandela to Mbeki*, p.177.

en lid van die Menseregtekommissie), eerw Bongani Finca (leraar in die Presbiteriaanse Kerk), Sisi Khampepe (prokureur), Richard Lyster (direkteur van die Regshulpsentrum in Durban), Wynand Malan (prokureur en voormalige LP), eerw Khoza Mgojo (leraar in die Metodistekerk), Hlengiwe Mkhize (personeellid van die Departement van Gesondheid), Dumisa Ntzebeza (advokaat), dr Wendy Orr (mediese dokter), Denzil Potgieter (advokaat), dr Mapule Ramashala (kliniese sielkundige), dr Fazel Randera (mediese dokter en ondervoorsitter van die Menseregtekommissie), Yasmin Sooka (prokureur) en Glenda Wildschut (Hoof van die Traumasentrum vir Slagoffers van Geweld en Marteling).[77]

Onder die kriteria vir aanstelling was dat die kommissie so verteenwoordigend moontlik moes wees en dat kommissarisse nie mense met ’n hoë politieke profiel moes wees nie, ten einde te verseker dat die kommissie se optrede en uiteindelike besluite onpartydig sou wees. Volgens Tom Lodge is hierdie doelstelling wel bereik.[78]

Die spil waarom die WVK se werksaamhede gedraai het, was die bedrywighede van sy drie komitees, naamlik die Menseregteskendingskomitee, die Amnestiekomitee en die Rehabilitasie- en Reparasiekomitee. Die Menseregteskendingskomitee het in sessies wat dwarsoor die land gehou is, aan slagoffers die geleentheid gegee om hul storie te vertel. Aanvanklik het al 15 kommissarisse die sittings van dié komitee bygewoon, maar later het die komitee verdeel en is aparte reekse sittings in elk van die WVK se vier streekskantore gehou.[79]

Die Amnestiekomitee het oortreders aan beide kante van die politieke spektrum die geleentheid gebied om getuienisse af te lê en sodoende vir amnestie in aanmerking te kom. Aansoeke om amnestie van diegene wat skuldig was aan growwe menseregteskendings, moes in die openbaar verhoor word – dié bepaling is by die wet ingevoeg ten einde die grootste moontlike deursigtigheid te verseker. ’n Vrees wat

[77] J. Sarkin, *Carrots and Sticks*, p.58.
[78] T. Lodge, *Politics in South Africa: From Mandela to Mbeki*, p.178.
[79] P. Pigou, “False Promises and Wasted Opportunities? Inside South Africa’s Truth and Reconciliation Commission” in D. Posel en G.Simpson (eds.), *Commissioning the Past: understanding South Africa’s Truth and Reconciliation Commission*, p.44.

geopper is met die ontstaan van die WVK, is dat die toekenning van amnestie en die afwesigheid van ’n strafregtelike vervolgingsproses sou lei tot die onderdrukking van die waarheid. Indien diegene wat wandade gepleeg het, nie om amnestie aansoek gedoen het nie, was daar nie ’n manier om hulle op te spoor tensy daar in slagoffers se getuienis na sulke ‘skuldiges’ verwys is nie. Verder was daar ontevredenheid onder slagoffers en hul families dat diegene wat skuldig bevind word aan menseregteskendings en amnestie vir hul dade ontvang, nie verder vervolg sou kon word nie, en dat ‘geregtigheid’ dus nie sou seëvier nie.[80] Die kwessie van amnestie was moontlik die mees omstrede aspek van die hele WVK-proses.[81]

Verdere probleme het ontstaan nadat die komitee nie die hoeveelheid aansoeke kon hanteer nie, en die sperdatum vir aansoeke moes uiteindelik van einde 1996 verleng word tot Mei 1997. Die groot hoeveelheid aansoeke het egter steeds veroorsaak dat die Amnestiekomitee hul werksaamhede eers in 2001 kon afhandel, nadat die ander onderafdelings van die WVK hul aktiwiteite reeds in 1998 afgehandel het, en die kommissie se verslag reeds op 23 Oktober van daardie jaar aan die President oorhandig is.

Die derde komitee, naamlik die Reparasie- en Rehabilitasiekomitee, was verantwoordelik daarvoor om ondersoek in te stel na moontlike vergoeding vir slagoffers van menseregteskendings. ’n Probleem wat tydens dié komitee se werksaamhede ontstaan het, was om te bepaal watter vorm sodanige vergoeding moet aanneem. Veral problematies was die vraag of dit moontlik is om die waarde van ’n persoon se lewe te kwantifiseer deur ’n bedrag geld daaraan te koppel.

Benewens hierdie drie komitees het ’n aantal eenhede ook onder die WVK geressorteer. Die belangrikste van dié eenhede was die Ondersoekeenheid en die Navorsingseenheid. Eersgenoemde moes al die verklarings ondersoek wat aan die Amnestie- en Menseregteskendingkomitees voorgelê is, terwyl laasgenoemde inligting ingesamel het

[80] A. Boraine, *A Country Unmasked*, p. 279.
[81] L. Graybill, *Truth and reconciliation in South Africa*, pp.xii, 58.

wat uiteindelik in die skryf van die WVK-verslag gebruik is.[82] Soos in die geval van die Amnestiekomitee, is die Ondersoekeenheid oorval met inligting, en moes daar teruggeval word op ’n meer algemene benadering, waarvolgens gefokus is op sogenaamde “breër” temas (byvoorbeeld gevalle van marteling) eerder as individuele gevalle. Hierdie besluit het egter kommer laat ontstaan dat die beeld wat van die verlede geskep word, nie volkome volledig sou wees nie. Op soortgelyke wyse is die Navorsingseenheid deur administratiewe take en verpligtinge daarvan weerhou om hul taak na behore uit te voer.[83]

Op die kommissie se eerste vergadering, op 16 Desember 1995, is daar besluit dat die WVK-hoofkantoor in Kaapstad sou wees, en is daar besluit op watter komitees die onderskeie kommissarisse sou dien. Daaropvolgende vergaderings is in Januarie 1996 gehou, waartydens die praktiese reëlings rondom die funksionering van die Kommissie bespreek en gefinaliseer is. Die eerste verhore het in April 1996 plaasgevind.

3.3. Besware teen die Waarheids- en Versoeningskommissie

Hoewel die bestaan van die WVK eers in 1995 aangekondig is en amptelik gemaak is, het daar so vroeg as Julie 1994 reeds ’n konferensie plaasgevind waarop debat gevoer is oor die moontlike instelling en uiteindelike aard van ’n kommissie om die onlangse Suid-Afrikaanse verlede te ondersoek. Hierdie konferensie is deur die *Justice in Transition*-projek aangebied, onder voorsitterskap van Alex Boraine, wat ook later aangewys is as die onder-voorsitter van die WVK.

Die eerste van hierdie besware spruit uit die feit dat verskillende mense en groepe uiteraard die verlede op verskillende wyses sou sien. Die konsep van eenheid en die skep van ’n nuwe, gedeelde verlede is dus dikwels as problematies ervaar, en moontlike verdeeldheid oor die bevindinge van die kommissie sou die doelwit van versoening en

[82] D. Ntsebeza, “The Struggle for Human Rights” in C. Villa-Vicencio en W.Verwoerd (eds.), *Looking back reaching forward*, pp.6-7.
[83] J. Cherry et al, “Researching the ‘Truth’: A View from inside the Truth and Reconciliation Commission” in D. Poselen G.Simpson (eds.), *Commissioning the pas*t, p.17.

die bevordering van nasionale eenheid ondermyn. ’n Twispunt op hierdie gebied was byvoorbeeld die definisie van politieke wandade of menseregteskendings. Sou net dade deur lede van die regering se verdedigingsmagte in aanmerking geneem word, of sou sogenaamde vryheidsvegters ook aan ondersoeke onderwerp word?

’n Ander beswaar wat geopper is, onder meer deur die gesinne van slagoffers, was dat die voorgestelde proses van verhore en die toekenning van amnestie nie geregtigheid laat seëvier nie. Diegene wat hierdie beswaar gehad het, was eerder ten gunste van Neurenberg-tipe verhore waar die skuldiges uiteindelik tot ’n sekere straf gevonnis word.

3.4. Die houding van *Die Burger* teenoor die Waarheids-en Versoeningskommissie met die oprigting van die kommissie in 1995

Reeds op 2 Januarie 1995 word die Waarheids- en Versoeningskommissie in *Die Burger* se hoofartikel “Die jaar van harde werk” genoem. Dié artikel het hom as volg uitgelaat oor die WVK: “’n Gevaarlike terrein wat in dié jaar betree gaan word, is die instelling van die sogenaamde Waarheidskommissie, waarmee min. Dullah Omar en die ANC-Kommunistiese alliansie so behep is. Pleks van ’n instrument te wees wat nasionale versoening kan bevorder, kan dit ’n tweesnydende swaard word wat diep wonde laat. Die samestelling van dié kommissie kan reeds ’n aanduiding gee van hoe die wind gaan waai”.[84]

Hierdie stuk kommentaar illustreer ’n paar interessante verskynsels in terme van die koerant se houding teenoor die kommissie. Eerstens toon die verwysing na die “gevaarlike terrein” waarop die WVK beweeg dat *Die Burger* onseker is of die kommissie die beste manier is om met Suid-Afrika se verlede om te gaan – dit kan moontlik polarisasie aanwakker in die samelewing, eerder as wat versoening bevorder word. Tweedens word daar neerhalend verwys na die “beheptheid” van Dullah Omar en die “ANC-Kommunistiese alliansie” met die WVK – dit lyk asof die persepsie bestaan dat hierdie “beheptheid” aan die regering se kant dalk kan lei tot onregverdigheid en

[84] *Die Burger*, 2.1.1995, hoofartikel, Die jaar van harde werk.

ongebalanseerdheid. Die belang van die kommissie se samestelling word hier ook uitgelig.

’n Ander kenmerk van *Die Burger* se houding teenoor die WVK is ook vroeg reeds sigbaar. Op 17 Januarie verskyn ’n artikel waarin na uitlatings deur Dullah Omar verwys word, asook na die uitreiking van vrywaring aan sekere lede van die ANC (sonder dat die publiek ingelig is waarvoor hierdie vrywaring toegestaan is).[85] Die betrokke uitlatings van Omar het behels dat hy die dade van lede van die bevrydingstryd gesien het as synde van ’n hoër morele orde as dade wat gepleeg is deur lede van die vorige regering se veiligheidsmagte. *Die Burger* spreek homself op die volgende wyse oor hierdie kwessie uit: “In die hoogste geledere van die ANC het morele relativisme egter reeds in so ’n mate posgevat dat gelykberegtiging kwalik verwag kan word”.[86] Dus bestaan die persepsie reeds voor die aanvang van die WVK se bedrywighede dat die kommissie waarskynlik nie ewewigtig sal wees nie.

In sy rubriek “Uit my politieke pen” het die rubriekskrywer Dawie ook bogenoemde kwessie aangespreek, naamlik die morele skuld van diegene aan weerskante van die apartheidstryd.[87] Dawie is van mening dat albei kante van die stryd morele skuld het, en dat “weiering om eie foute voldoende te erken […] noodwendig wraak en vergelding tot rigsnoer [moet] verhef”. Dan, waarsku hy, “is hernieude konflik en polarisasie Suid-Afrika se voorland”.[88]

Die parlementêre proses om wetgewing rondom die WVK te finaliseer, het in April 1995 plaasgevind. Punte wat nog onder bespreking was, het die volgende ingesluit: die afsnydatum vir aansoeke om vrywaring, die omskrywing van politieke misdaad, die samestelling van die kommissie en wat as toelaatbare getuienis beskou sou word. Nadat veranderings aan die konsepwetgewing oor die WVK voorgestel is, lewer die koerant in

---

[85] *Die Burger*, 17.1.1995, hoofartikel, Morele relativisme. Sien ook *Die Burger*, 19.1.1995, hoofartikel, Dit skreeu ten hemele; *Die Burger*, 23.1.1995, hoofartikel, ANC se gesindheid; *Die Burger*, 10.3.1995, hoofartikel, ANC en vrywaring; *Die Burger*, 30.3.1995, hoofartikel, Die volle waarheid.
[86] *Die Burger*, 17.1.1995, hoofartikel, Morele relativisme.
[87] *Die Burger*, 8.2.1995, hoofartikel, Debat oor waarheid kort ’n bietjie beskeidenheid. Sien ook *Die Burger*, 22.2.1995, hoofartikel, Yslike gevare wat agter die waarheid skuilhou.
[88] *Ibid*.

’n hoofartikel die volgende kommentaar oor die kommissie: “Die gevaar is nog nie afgeweer dat die kommissie in ’n heksejag kan ontaard nie”.[89] Genoemde veranderinge was dus nie genoeg om die skeptiese houding teenoor die WVK heeltemaal om te keer nie.

’n Aanduiding van *Die Burger* se negatiewe houding teenoor die onpartydigheid van die WVK het duidelik geblyk uit ’n hoofartikel van 19 Mei onder die opskrif “Waarheid het vele fasette”.[90] Hierin is gewaarsku dat die kommissie “integriteit en eerbaarheid” sal moet hê, en dat dit nie ’n instrument behoort te word om die Afrikaner mee “by te kom nie”. Verder sê die artikel die volgende: “Daar kan maar net gehoop word dat die lede van die Kommissie, anders as mnr. Omar, die integriteit en die eerbaarheid sal hê om te erken dat die waarheid vele fasette het”.[91]

Later in Mei 1995 maak minister Omar weereens sekere openbare uitsprake oor die hoër morele orde van die bevrydingstryd. Dié stellings is skerp gekritiseer in ’n hoofartikel waarin gesê is dat sulke stellings deur ANC-lede die geloofwaardigheid van die WVK-proses in die gedrang bring, en dit “’n klug [maak] van al die mooi woorde oor versoening”.[92] Die koerant druk sy mening hieroor op die volgende wyse uit: “Dit lyk na ’n poging om voorbrand te maak vir ’n grootskeepse toesmeer-aksie”.[93] Dus word die vermoede aangewakker dat die WVK slegs een ‘kant’ van die Suid-Afrikaanse verlede gaan ondersoek. Die woorde “klug” en “toesmeer-aksie” wat hier gebruik word, dra negatiewe betekenisladings en is dus ’n aanduiding van die negatiwiteit wat ten opsigte van die kommissie by die koerant te vinde is.

Benewens die voortdurende kritiek op die ANC en op uitsprake deur sommige lede van dié party, is daar toenemend aandag gegee aan die samestelling van die kommissie en die belangrikheid daarvan dat kommissarisse uiteindelik onpartydig behoort te wees. Die

---

[89] *Die Burger*, 10.4.1995, hoofartikel, Die Waarheidskommissie.
[90] *Die Burger*, 19.5.1995, hoofartikel, Waarheid het vele fasette. Sien ook *Die Burger*, 20.5.1995, Dawie-rubriek, Die waarheid sal aan alle kante moet seëvier.
[91] *Ibid.*
[92] *Die Burger*, 23.5.1995, hoofartikel, Omar versterk agterdog. Sien ook *Die Burger*, 1.6.1995, hoofartikel, ’n Instrument van wraak; *Die Burger*, 12.7.1995, hoofartikel, ANC se hoogheiligheid.
[93] *Ibid.*

rubriekskrywer Dawie het benadruk dat die WVK saamgestel moet word uit mense wat geen sterk politieke verbintenis het nie. Ook hier is kritiek gelewer op min. Omar se openbare uitsprake, aangesien dit nie vertroue wek in die WVK nie.[94]

Die Burger doen in Julie 1995 weer ’n beroep op die regering om onsekerhede oor die kommissie op te los: “As dit die Regering se erns is om versoening te bevorder, sal hy uit sy pad moet gaan om die wye bedenkings oor die kommissie uit die weg te ruim. Doen hy dit nie, sal dit inderdaad nie veel meer word as ’n instrument van wraak nie”.[95] Die persepsie dat die waarheidskommissie as ’n “instrument van wraak” bedoel is, het ook op 5 Augustus uiting gevind in Dawie se rubriek: “Daar heers immers by diegene wat nie aan die pynlike krankheid van politieke korrektheid ly nie, ’n sterk suspisie dat die ware oogmerk van die bieg-drywers is om die NP se leiers te verneder, en dan meer spesifiek die Afrikaners”.[96] Die vrees dat die kommissie in ’n eensydige heksejag kan ontaard, word hier dus baie sterk uitgedruk.

Die moontlikheid van partydigheid by die kommissie kom weer ter sprake in ’n hoofartikel van 2 Oktober 1995.[97] Kritiek word hier geopper oor die organisasie *Justice in Transition*, wat onder leiding van Alex Boraine begin het met die samestelling van ’n databank oor menseregteskendings tydens die apartheidsera. *Die Burger* het dit beskou as ’n uiteindelike gevaarteken vir die WVK – die vrees dat Boraine se navorsingswerk eensydig van aard kan wees, het volgens die koerant “rooi ligte [laat] flikker” oor die moontlikheid van ’n heksejag op ’n sekere groep. Dié vrees is weerspieël in die stelling: “Eensydige bemoeiing met ’n proses wat veronderstel is om bo verdenking te verloop om versoening te bewerkstellig, kan alleenlik bydra tot groeiende wantroue in die kommissie en sy oogmerke. [Dit] wek sware suspisies dat die Waarheidskommissie se agenda nou al vir hom bepaal word.”[98]

---

[94] *Die Burger*, 1.7.1995, Dawie-rubriek, Waarheidskommissie: oë is nou op die name gerig. Sien ook *Die Burger*, 20.9.1995, hoofartikel, Waarheidskommissie.
[95] *Die Burger*, 21.7.1995, hoofartikel, Verwyder die agterdog. Sien ook *Die Burger*, 26.7.1995, Dawie-rubriek, Waarheidskommissie: tyd vir deursigtigheid.
[96], *Die Burger*, 5.8.1995, Dawie-rubriek, Biegbank: aansien hang af van politieke moed. Sien ook *Die Burger*, 10.8.1995, hoofartikel, ’n Slegte reuk.
[97] *Die Burger*, 2.10.1995, hoofartikel, ’n Bedenklike inisiatief.
[98] *Ibid*.

’n Gebeurtenis wat die WVK-sittings onmiddellik voorafgegaan het en skerp reaksie by *Die Burger* ontlok het, was die uitreiking van lasbriewe aan Magnus Malan en ander oud-generaals in verband met die moord in 1987 op dertien mense aan huis van die UDF-aktivis Victor Ntuli, in KwaMakutha. (Malan en sy mede-beskuldigdes het later ook voor die WVK getuig oor hierdie voorval, en is vrygespreek.)[99] Die feit dat geen soortgelyke dagvaardings bestel is aan lede van die struggle nie, word deur die koerant vertolk as ’n teken dat die WVK uiteindelik in ’n vervolging van net een groep sou kon ontaard.[100]

Verder kom daar in hierdie tydperk die eerste keer verwysings voor na die moontlikheid dat die ANC ’n heksejag op voormalige lede van die veiligheidsmagte kan gebruik as ‘wapen’ in die plaaslike verkiesings wat in 1998, relatief kort ná die voorgestelde afloop van die WVK – onthullings oor die verlede, soos die beweerde betrokkenheid van Malan by die KwaMakutha-voorval, sou aangewend kon word om die “maksimum verleentheid” vir die NP te veroorsaak.[101] Ook die rubriekskrywer Dawie het kommentaar gelewer oor hierdie aangeleentheid, deur daarop te wys dat die ANC se onpartydigheid onder verdenking kan kom indien soortgelyke voorvalle in dié party nie ook ondersoek word nie.[102]

Met die verloop van November 1995, en die aanstellingsproses van die kommissarisse, het die kritiek van die koerant op die WVK selfs skerper geword. Op 11 November, byvoorbeeld, skryf Dawie in “Uit my politieke pen” dat die ANC moontlik die Waarheidskommissie as ’n “knuppel” sal gebruik teen sekere groepe, aangesien hierdie party nie belangstel “om versoening te bevorder nie”; die “wraaksug” van die regerende party het volgens die rubriekskrywer ook “die potensiaal […] om die land uitmekaar te

[99] J. Sarkin, *Carrots and Sticks: The TRC and the South African Amnesty Process*, pp.78-80.
[100] *Die Burger*, 30.10.1995, hoofartikel, Goeie orde bedreig. Sien ook *Die Burger*, 2.11.1995, hoofartikel, Was dít nie moord?; *Die Burger*, 3.11.1995, hoofartikel, Dubbele standaarde.
[101] *Die Burger*, 31.10.1995, hoofartikel, Geen toeval nie.
[102] *Die Burger*, 4.11.1995, Dawie-rubriek, Vervolgings: Mandela is self in beskuldigdebank. Sien ook *Die Burger*, 10.11.1995, hoofartikel, Vroom uitsprake; *Die Burger*, 11.11.1995, Dawie-rubriek, ANC se sug na wraak kan SA uitmekaar ruk; *Die Burger*, 23.11.1995, hoofartikel, Shell House: ’n skandaal.

ruk".[103] In hierdie rubriek kom *Die Burger* se opinie ook na vore dat partye tydens die onderhandelingsproses eerder op 'n algemene amnestie ooreen moes gekom het: "Op een van die heel sensitiefste terreine, dié van die amnestie, betaal Suid-Afrika nou 'n dure prys vir die onbevredigende wyse waarop die grondwetlike onderhandelinge […] afgesluit is".[104]

Wanneer die finale groep kommissarisse aan die einde van November 1995 bekend gemaak word, bevraagteken *Die Burger* die onpartydigheid en gebalanseerdheid van die aangewese persone: "[Dit is] opvallend dat weinig van die sewentien – oorwegend links van die politieke spektrum – aan hierdie kritieke maatstaf voldoen. Feitlik almal dra swaar aan politieke bagasie, wat ernstige vrae laat ontstaan oor hul bevoegdheid om ou sondes onbevange te beoordeel en nasionale versoening te bevorder".[105] Die koerant is van mening dat die kommissie ná die aanstelling van dié spesifieke kommissarisse "erg omstrede" gaan wees, en waarsku dat skeptisisme oor die WVK sal voortduur tensy die kommissie "bewys dat hy hom nie aan 'n eensydige heksejag gaan skuldig maak nie".[106]

Hierdie skeptiese houding by *Die Burger* ten opsigte van die Waarheidskommissie kan ook bespeur word in 'n hoofartikel op 19 Desember, waarin daar verwys is na die belofte van aartsbiskop Desmond Tutu dat die kommissie nie partydig sal wees nie. In antwoord hierop wys die koerant onder meer op die omstrede uitsprake van minister Dullah Omar oor die morele verhewenheid van die struggle, en sê dat sulke uitsprake juis die indruk van partydigheid wek.[107]

Waar Die Burger dus vroeër 'n houding van versigtige optimisme geopenbaar het, was daar nou 'n negatiewe instelling waarneembaar teenoor die keuse van die WVK as die beste manier om met die verlede van Suid-Afrika om te gaan.

---

[103] *Die Burger*, 11.11.1995, Dawie-rubriek, ANC se sug na wraak kan SA uitmekaar ruk. Sien ook *Die Burger*, 15.1..1995, Dawie-rubriek, Geweld is soos die Pes wat alles en almal aantas.
[104] *Ibid.*
[105] *Die Burger*, 1.12.1995, hoofartikel, Lastige politieke bagasie. Sien ook *Die Burger*, 2.12.1995, Dawie-rubriek, Onus is op die biegbank om politieke integriteit te bewys; *Die Burger*, 4.12.1995, hoofartikel, Meet met gelyke maat.
[106] *Ibid.*
[107] *Die Burger*, 19.12.1995, hoofartikel, Tutu se belofte.

Hoofstuk 4

Die Burger se houding teenoor die Waarheids- en Versoeningskommissie in die tydperk tussen 1996 en 1997

4.1. Inleiding

In die onderstaande bespreking word gekyk na *Die Burger* se houding teenoor die WVK, soos wat dit te sien is in die koerant se hoofartikels (redaksionele kommentaar of *editorials*) wat in 1996 en 1997 verskyn het. Hierdie tydperk het saamgeval met die openbare verhore waartydens slagoffers die geleentheid gekry het om hul verhale met die kommissie te deel, en waartydens skuldiges voor die Amnestiekomitee moes getuig. Spesiale verhore is ook in hierdie tydperk gehou om die rol van sekere instansies, byvoorbeeld die media en die sakewêreld, tydens die apartheidsjare te ondersoek. Dus is die grootste deel van die kommissie se werk in hierdie tydperk afgehandel, en is daar besluit om dit in ’n eie hoofstuk te bespreek.

Eerstens sal gekyk word na algemene tendense en punte van kritiek wat in hoofartikels na vore gekom het. Dit sluit die volgende in: partydigheid (ook ten opsigte van uitlatings wat deur kommissarisse gemaak is), pleidooie vir die beskerming van Afrikaner-belange, die verhouding tussen die WVK en die ANC asook die gebrek aan die instelling van ’n algemene amnestie en die befondsing van die WVK.

4.2. Tendense ten opsigte van die WVK in *Die Burger* se hoofartikels

4.2.1. Partydigheid

Seker die mees algemene punt waarop *Die Burger* gereeld kritiek gelewer het in redaksionele kommentaar, was beweerde partydigheid aan die kant van die WVK. Reeds so vroeg as 3 Januarie 1996 het die koerant bepleit dat daar geen morele onderskeid behoort te wees nie tussen lede van die ANC en die voormalige veiligheidsmagte

wanneer dit by die toekenning van amnestie kom.[108] Nadat dit aan die lig gekom het dat die Instituut vir ’n Demokratiese Suid-Afrika (IDASA), waarvan WVK-ondervoorsitter Alex Boraine die hoof was, ’n databank saamstel waarin die name van moontlike menseregteskenders vervat is, reageer *Die Burger* negatief en sê dat só ’n stap die geloofwaardigheid van die kommissie “verder onder verdenking” sal bring.[109] Met ander woorde, daar word geïmpliseer dat dié geloofwaardigheid reeds onder verdenking is.

Op 15 Januarie verskyn daar ’n hoofartikel met die opskrif “’n Gevaarlike koers”, waarin kritiek gelewer is op ’n openbare uitspraak van Nelson Mandela dat opposisie teen die WVK ’n “bitter smaak in sy mond laat”. Hieroor het *Die Burger* in dieselfde artikel gesê: “Wat is verkeerd daarmee dat […] instansies gelykberegtiging vra en wettige vrese het dat die Waarheidskommissie in ’n heksejag kan ontaard?”[110]

Die kwessie van beswaar aanteken teen die WVK het daarom weer aan bod gekom in die hoofartikel “Wraak en waarheid”: “En wie dié ortodoksie bevraagteken, is onpatrioties, rassisties, reaksionêr, ensovoorts. Dit staan te besien of die Waarheidskommissie kan uitstyg bokant dié gevaar, wat tot die verswakking van die demokrasie kan lei”.[111] In die laaste stelling is daar beslis ’n skeptiese houding te bespeur teenoor die kommissie, en blyk dit duidelik dat die kommissie volgens die koerant gevaar loop om eerder ’n nadelige uitwerking op die samelewing te hê as ’n positiewe een.

Ook die aanvanklike weiering van die IVP om aan die WVK-proses deel te neem, word in ’n negatiewe lig beskou: “Met só ’n wegspring loop die Kommissie gevaar dat ’n beeld van bevooroordeeldheid gevestig word en versoening in die slag sal bly”.[112] In dieselfde artikel word ook verwys na die maak van ongetoetste beweringe deur getuies voor die

---

[108] *Die Burger*, 3.1.1996, hoofartikel, Heropen die ondersoeke. Sien ook *Die Burger*, 6.1.1996, hoofartikel, Soldate ruk op oor Biegbank”.
[109] *Die Burger*, 8.1.1996, hoofartikel, Geskenk vir biegbank.
[110] *Die Burger*, 15.1.1996, hoofartikel, ’n Gevaarlike koers. Sien ook, *Die Burger*, 10.1.1997, hoofartikel, Die reg op protes; *Die Burger*, 5.6.1997, hoofartikel, Wraaksug teen Afrikaners; *Die Burger*, 15.9.1997, hoofartikel, Kopskote na die Boere.
[111] *Die Burger*, 16.2.1996, hoofartikel, Wraak en waarheid. Sien ook *Die Burger*, 1.10.1996, hoofartikel, Waarheid en wraak; *Die Burger*, 14.10.1996, hoofartikel, Die waarheid maak seer.
[112] *Die Burger*, 16.4.1996, hoofartikel, Wantroue in Biegbank. Sien ook *Die Burger*, 18.3.1996, hoofartikel, Onbillike praktyk; *Die Burger*, 8 5.1996, hoofartikel, Kommissie in diep waters.

kommissie. Dat beskuldigdes hulself nie sou kon verdedig nie, is volgens *Die Burger* ’n verdere punt van kritiek wat op die WVK gelewer kan word.

Op 26 September 1996 lewer *Die Burger* verdere kritiek op die kommissie se gebrek aan onpartydigheid, na aanleiding van die nuus dat die WVK die werksaamhede gaan laat ondersoek van ‘apartheidsagente’ in die buiteland. Hieroor sê die koerant: “As die Waarheids- en Versoeningskommissie hoegenaamd nog enige mate van geloofwaardigheid as ’n onpartydige liggaam geniet het, moet dié ook daarmee heen wees noudat dit bekend geword het dat hy ook die internasionale bedrywighede van sogenaamde apartheidsagente in die buiteland laat ondersoek. Dit versterk eerder die indruk dat die kommissie meer op wraak as versoening gemik is”.[113]

Met stellings soos bogenoemde blyk dit dat, met die verloop van die WVK-proses, dit toenemend duidelik geword dat die persepsie by die koerant bestaan dat die kommissie homself toespits op die aktiwiteite van lede van die gewese veiligheidsmagte, terwyl dade deur die ANC nie dieselfde aandag ontvang het nie.

Nog ’n voorbeeld hiervan kom voor in die redaksionele kommentaar “WVK tameletjie”, wat in Februarie 1997 verskyn het.[114] Later in Februarie 1997 verskyn die hoofartikel “Geregtigheid en biegbank”, waarin daar die volgende gesê is omtrent die werkswyse van die kommissie: “Tot dusver het die kommissie toegelaat dat enigiemand wilde bewerings oor byvoorbeeld ’n lid van die destydse veiligheidsmagte kon maak sonder dat so iemand homself voor die kommissie daarteen kon verweer”. [115] Die verskyning van die betrokke hoofartikel volg op ’n besluit van die Appèlhof dat beweerde skenders van menseregte ingelig moet word dat bewerings teen hulle gemaak gaan word by ’n sitting van die WVK, en dat die besonderhede van hierdie bewerings ook aan hulle bekend behoort gemaak te word.

---

[113] *Die Burger*, 26.9.1996, hoofartikel, Kommissie van wraak.
[114] *Die Burger*, 5.2.1997, hoofartikel, WVK tameletjie. Sien ook *Die Burger*, 18.3.1997, hoofartikel, Shell House sleep voort.
[115] *Die Burger*, 20.2.1997, hoofartikel, Geregtigheid en biegbank. Sien ook *Die Burger*, 16.5.1997, hoofartikel, Skade klaar aangerig.

Volgens *Die Burger* is bogenoemde besluit ’n noodsaaklikheid om partydigheid te voorkom. Daar word verder in dieselfde artikel gesê dat dit al hoe meer lyk of die kommissie net op wraak toegespits is, en dus ’n “instrument in die hande van die ANC-oorheerste Regering” is.[116]

In April 1997 is aangekondig dat lede van nie-regeringsorganisasies die kommissie sou bystaan met die afneem van verklarings. *Die Burger* loof hierdie stap, aangesien dit sal bydra tot groter geloofwaardigheid vir die kommissie: “As hierdie optrede, wat deur Desmond Tutu aangekondig is, daarop dui dat die WVK daadwerklike aanstaltes maak om sy eie beeld van eensydigheid af te skud, moet dit verwelkom word.”[117] Daar word verder gesê dat hierdie stap dui op ’n besef by veral Tutu dat ’n “ewewigtiger benadering die enigste hoop is as die WVK sy opdrag wil uitvoer om die volle waarheid bloot te lê”.[118]

Die voorgestelde verlenging van die kommissie se werksaamhede, wat in Julie 1997 as moontlikheid geopper is, het egter weer skerp kritiek uitgelok by *Die Burger*: “Voorbrand hiervoor is pas gemaak deur die ondervoorsitter van die WVK, dr Alex Boraine, wat waarskynlik nie die kans wil laat verlore gaan om elke vermeende gruweldaad van veral die vorige regering en die destydse veiligheidsmagte op te rakel nie”.[119] Ons sien hier weer die aanklag dat die WVK partydig is, en fokus op die wandade van lede van die vorige regering.

Ook sommige uitlatings wat kommissarisse in die openbaar maak aangaande die WVK-proses word aan kritiek onderwerp in *Die Burger* se redaksionele kommentaar. Op 19 April 1996 is gesê dat Aartsbiskop Tutu se trane by die aanhoor van ’n slagoffer se getuienis “’n vraagteken [plaas] oor die regterlike onbevangenheid wat van sy sensitiewe

---

[116] *Ibid.*
[117] *Die Burger*, 2.4.1997, hoofartikel, ’n Voller waarheid.
[118] *Ibid.*
[119] *Die Burger*, 22.7.1996, hoofartikel, Slegte voorspooksels. Sien ook *Die Burger*, 24.9.1997, hoofartikel, WVK se partydigheid.

pos vereis word".[120] Volgens die artikel kan sulke klaarblyklike partydigheid aan die kant van kommissarisse tot verdeeldheid lei, eerder as die gewenste versoening.

Tutu kom weer onder bespreking in 'n hoofartikel op 26 Februarie 1997.[121] Hierin word daar beswaar aangeteken teen sekere uitlatings wat hy gemaak het in 'n onderhoud wat elders in die koerant gepubliseer is.[122]

In hierdie onderhoud sê Tutu onder meer: "Die demografie van apartheid het voorgeskryf…dat die meeste plegers van wandade wit moet wees. En die meerderheid gaan ook Afrikaners wees…en die meerderheid van slagoffers gaan swart wees". Hy het tydens dieselfde onderhoud die wens uitgspreek dat die wit bevolkingsgroep om verskoning moet vra vir apartheid: "Al wat julle moet doen, is om te erken, erken dat julle verkeerd gedoen het, man. Dit is al".

Hierdie stellings van Tutu is deur *Die Burger* geïnterpreteer as 'n verdere bewys dat die WVK partydig is, en die koerant het gesê dat Tutu te na beweeg aan die uitdeel van groepskuld aan Afrikaners. Hierdie toekenning van skuld is afgewys deur melding te maak van die mense wat gesterf het in die Natalse geweldpleging tussen die ANC en die IVP.[123]

Tutu se eie getuienis voor die kommissie word eweneens aan sterk kritiek onderwerp. Sy voorlegging oor die lyding van hom en sy familie onder apartheid, versterk volgens *Die Burger* die idee van die partydigheid van die WVK. Hieroor sê die koerant: "al wat hy nou bereik het was om die vertroue in die kommissie verder te skok".[124]

4.2.2. Beskerming van Afrikaner-belange

---

[120] *Die Burger*, 19.4.1996, hoofartikel, Hoë gestoeltes.
[121] *Die Burger*, 26.2.1997, hoofartikel, Tutu se tirade. Sien ook *Die Burger*, 24.3.1997, hoofartikel, Gerieflike verskoning; *Die Burger*, 2.5.1997, hoofartikel, Makabere spel uitgerek; *Die Burger*, 17.9.1997, hoofartikel, Tutu brand weer los.
[122] *Die Burger*, 26.2.1997, onderhoud, Erken dat julle verkeerd gedoen het, vra Tutu.
[123] Sien ook *Die Burger*, 25.3.1997, hoofartikel, Kollektiewe skuld.
[124] *Die Burger*, 26.2.1997, hoofartikel, Tutu se tirade.

In ’n hoofartikel, “’n Gevaarlike koers”, is gesê dat Afrikaners[125] nie uitgesonder behoort te word as synde onwillig om deel te neem aan die versoeningsproses nie, aangesien “dit ’n oorheersende Afrikaner-regering was wat mag vrywillig prys gegee het om ’n regverdige nie-rassige bedeling in die land te help vestig”.[126] Dit is hieruit duidelik dat *Die Burger* positief ingestel was teenoor die rol van Afrikaners in die versoeningsproses, en dat kritiek op dié groep oor deelname aan die WVK as onregverdig ervaar is.

Die persepsie dat die WVK-proses ’n aanslag was op die Afrikaner, en spesifiek op die ondersteuners van die vorige regering, vind uiting in ’n hoofartikel op 2 Augustus, waarin genoem word dat die WVK steeds “wyd gewantrou” word, en dat dit beskou word as “’n voorhamer van die ANC om veral die vorige NP-regering en sy ondersteuners by te kom”.[127]

Onder hierdie onderwerp kan ook verwys word na die reaksie op die NP se voorlegging aan die kommissie. In FW de Klerk se tweede voorlegging aan die WVK, het hy klem geplaas op die noodsaaklikheid daarvan dat die kommissie sy eie onpartydigheid bewys.[128] Dit het volgens *Die Burger* gedui op ’n algemene persepsie onder Afrikaners dat die WVK juis ingestel is op die vervolging van een spesifieke groep wat sigself aan menseregteskendings skuldig gemaak het.[129] Die onus het gerus op die kommissie om hierdie persepsie verkeerd te bewys en die kollig ook te laat val op vergrype deur ondersteuners van die ANC.

Oor De Klerk se verskynings sê die koerant op ’n latere stadium ook dat die land nou deeglik onder die indruk moet wees van hoe jammer die Nasionale Party is vir die lyding wat hy veroorsaak het tydens die apartheidsjare, en dat “daar [aanvaar behoort] te word

---

[125] Vir die doeleindes van hierdie studie word “Afrikaners” gedefinieer as blanke, Afrikaanssprekende persone, veral ondersteuners van die Nasionale Party en / of lede van die veiligheidsmagte tydens die apartheidsjare.
[126] *Die Burger*, 15.1.1996, hoofartikel, ’n Gevaarlike koers.
[127] *Die Burger*, 2.8.1996, hoofartikel, Skokkende onthullings.
[128] *Die Burger*, 15.5.1997, hoofartikel, De Klerk voor biegbank.
[129] *Die Burger*, 25.3.1997, hoofartikel, Onus is op die biegbank. Sien ook *Die Burger*, 27.3.1997, hoofartikel, Nodige perspektief.

dat hy opreg spyt het". [130] Die party word dan lof toegeswaai vir sy aandeel in die totstandkoming van die nuwe Suid-Afrika. Daar is 'n duidelike verband waarneembaar tussen stellings soos hierdie en die steun vir die Nasionale Party wat reeds tydens die politieke oorgangsfase in die koerant waargeneem kon word.

In "'n Partydige kliek" is daar melding gemaak van die kommissarisse se "betraande reaksie" op De Klerk se verskyning voor die WVK. Volgens hierdie artikel het De Klerk geweier om te erken dat die vorige regering 'n "beleid gevolg het om teenstaanders van apartheid uit te wis en te martel". [131] Hieroor het hy negatiewe kritiek ontvang van die kommissie, waarop *Die Burger* reageer het dat dit "ondenkbaar [is] dat die Waarheidskommissie ooit versoening sal kan bevorder. Inteendeel, die klowe wat hy geslaan het, blyk onoorbrugbaar te wees".[132]

Op 24 September 1997 verskyn "WVK se partydigheid", waarin nogmaals sterk bewoorde stellings omtrent die Kommissie se partydigheid gemaak word teen die agtergrond van die verskoning wat die WVK die NP aangebied het nadat dié party deur die Kommissie beskuldig is van 'n onwilligheid om saam te werk met die WVK-proses. Oor hierdie verskoning sê die hoofartikel: "Wat Tutu en Boraine nou ook al sê, gaan nie die vertrouensbreuk herstel nie".[133] Daar word ook weer verwys na die potensiële gebruik van die WVK-verslag as propagandawapen, en die hoofartikel sluit af met die volgende stelling: "Teen dié agtergrond is dit ondenkbaar dat die WVK versoening sal kan meebring. Inteendeel, alles dui daarop dat hy Suid-Afrikaners opnuut erg polariseer".[134] Hier word dus uitdruklik gesê dat die WVK onmoontlik versoening sal kan meebring, as gevolg van die partydigheid binne die Kommissie wat moontlik kan lei tot verdeeldheid onder Suid-Afrikaners oor die uiteindelike verslag van die Kommissie.

---

[130] *Die Burger*, 15.2.1997, hoofartikel, De Klerk voor biegbank.
[131] *Die Burger*, 17.5.1997, hoofartikel, 'n Partydige kliek. Sien ook *Die Burger*, 20.5.1997, hoofartikel, Politieke instrument; *Die Burger*, 24.9.1997, hoofartikel, WVK se partydigheid.
[132] *Ibid.*
[133] *Die Burger*, 24.9.1997, hoofartikel, WVK se partydigheid.
[134] *Ibid.*

Die WVK se besluit om P.W. Botha te dagvaar om voor hom te verskyn, word beskryf as ’n aksie wat reperkussies gaan hê en dat dit sodoende versoening nog moeiliker gaan maak as wat die kommissie se werksaamhede dit reeds gemaak het.[135] Die vraag word gevra of die WVK op dieselfde wyse sou optree teenoor enige van die hooggeplaaste, senior lede van die ANC.

4.2.3. Kritiek op die ANC se rol in die WVK

In die hoofartikel “Bedenkinge oor Biegkommissie” op 29 Maart 1996, is daar weer verwys na IDASA se berugte databank van vermeende menseregteskenders, en Alex Boraine se bevoegdheid as kommissaris word bevraagteken as gevolg van sy betrokkenheid by genoemde organisasie.[136] Die koerant beskou dit as ’n aanduiding dat die kommissie as “instrument van wraak” gebruik gaan word teen voormalige lede van die veiligheidsmagte, en sê dan ook: “Die kommissie is immers gelaai met ANC simpatisante”.[137] Daar word dus geinsinueer dat die kommissie as gevolg van sy samestelling uiteindelik die ANC gaan bevoordeel.

Nog ’n aspek waarop die koerant heelwat kritiek uitgespreek het, is die sogenaamde gebrek aan “moraliteit” wat volgens *Die Burger* deur die ANC vertoon is. Op 8 Mei 1996, byvoorbeeld, word daar in die hoofartikel “G’n openbare amp vir hom” negatief gereageer op die toekenning van amnestie aan Robert McBride vir die bomaanval op die Magoo Bar in Durban. Volgens die artikel was hierdie aanval nie politiek gemotiveer nie, en het dit tot die dood van “onskuldige burgerlikes”[138] gelei. Dus word McBride as ’n “veroordeelde moordenaar”[139] bestempel wat nie ’n openbare amp, soos dié van parlementslid, behoort te beklee nie.

Soortgelyke kritiek is uitgespreek in die hoofartikel “’n Verlede van terreur”. Hier word kommentaar gelewer op die ANC se posisie dat hy “slegs vryheidsvegters gehad het en

---

[135] *Die Burger*, 21.11.1997, hoofartikel, Hier kom reperkussies. Sien ook *Die Burger*, 8.12.1997, hoofartikel, Vreemder en vreemder; *Die Burger*, 17.12.1997, hoofartikel, WVK sirkus.
[136] *Die Burger*, 29.3.1996, hoofartikel, Bedenkinge oor Biegkommissie.
[137] *Ibid.*
[138] *Die Burger*, 8.5.1996, hoofartikel, G’n openbare amp vir hom.
[139] *Ibid.*

hom nie aan terrorisme skuldig gemaak het nie". [140] Volgens *Die Burger* het die ANC homself wel skuldig gemaak aan moord op onskuldige burgerlikes (byvoorbeeld "vroue en kinders") en sommige van sy aksies kan dus as "naakte terreur" bestempel word. Hier word aangesluit by die koerant se afkeer van geweld wat reeds vroeër tydens die onderhandelingsproses na vore gekom het.

Die kwessie van moraliteit is ook aangeroer in 'n rubriek deur Dawie met die titel "Hoe nader aan engele, des te harder is die val". Hierdie spesifieke rubriek is geskryf na aanleiding van uitlatings deur Dullah Omar, Minister van Justisie, dat dade wat gepleeg is deur lede van die struggle-bewegings moreel verhewe is bo dade deur lede van die voormalige Regering en veiligheidsmagte. Dawie verwys na Omar se stellings oor die "gewaande meerdere moraliteit" [141] van die struggle, en hier impliseer die gebruik van die woord "gewaande" dat die betrokke skrywer nie saamstem met hierdie uitlatings nie. In hierdie rubriek word daar ook uitdruklik verwys na die standpunt van *Die Burger*, wanneer daar (op die vooraand van die eerste verhore) gesê word: "Skokkende getuienis oor vergrype deur die staat kan wel verwag word. Hieroor was en is Die Burger se standpunt dat die doodmaak van en ander onwettige optredes teen legitieme politieke teenstanders onverskoonbaar is en nie gekondoneer kan word nie, behalwe as 'n algemene amnestie toegestaan word. Dieselfde geld egter vir sogenaamde bevrydingsbewegings wat geveg het teen apartheid". [142] Hier, weer, dui die woord 'sogenaamde' myns insiens op 'n houding by die skrywer (en dus by implikasie die koerant) dat lede van die struggle nie noodwendig 'n hoër morele posisie beklee nie, en dalk nie eens kan aanspraak maak op die titel van 'bevrydingsbeweging' nie.

Nog 'n voorbeeld van optrede deur die ANC wat volgens *Die Burger* gedui het op 'n gebrek aan moraliteit in hierdie organisasie, is die onthullings voor die WVK dat voormalige impimpi's nou hoë poste in die ANC-regering beklee. [143] Impimpi's is

---

[140] *Die Burger*, 12.7.1996, hoofartikel, 'n Verlede van terreur.
[141] *Die Burger*, 6.3.1996, hoofartikel, Hoe nader aan engele, des te harder is die val. Sien ook *Die Burger*, 22.10.1996, hoofartikel, 'n Spektakel.
[142] *Ibid.*
[143] *Die Burger*, 3.3.1997, hoofartikel, Impimpi's in ANC. Sien ook *Die Burger*, 10.7.1996, hoofartikel, Nog 'n impimpi: wanneer kom volle waarheid uit?.

diegene wat as informante vir die voormalige Veiligheidspolisie opgetree het. Deur sulke mense aan te stel in regeringsposte, het die ANC homself in ’n slegte lig gestel, aangesien hy volgens die koerant nie die “morele moed” gehad het om voormalige informante te ontbloot en te straf nie. Die feit dat die kwessie van impimpi’s eers ’n jaar ná die aanvang van die WVK by die sittings ter sprake gekom het, dui volgens die betrokke hoofartikel ook op die feit dat die aandag eerder toegespits word op die oortredings van voormalige lede van die veiligheidsmagte en ander lede van die Afrikaner-bevolkingsgroep.[144]

Die kwessie van impimpi’s kom weer ter sprake in “Blik wurms moet oop”. Hier is gefokus op die ANC se weiering om die name van informante in sy geledere bekend te maak. Daardeur word die ANC se beeld van homself as “moreel onaantasbaar” volgens *Die Burger* afgebreek. Dit trek ook hierdie organisasie se verbintenis tot deursigtigheid in twyfel, en die ANC “verydel in der waarheid die Waarheid- en Versoeningskommissie se werk, want dit is mos juis om versoening te bevorder dat die WVK op die been gebring is” [145], aldus die koerant se redaksionele kommentaar.

Met die ANC se eerste voorlegging aan die WVK het die rubriekskrywer Dawie gewaarsku dat die kommissie nie ’n slaanstok moet word waarmee partye mekaar kan bykom nie. Daar word ’n beroep gedoen op die ANC om “morele beskeidenheid aan die dag te lê” [146] eerder as om ’n houding van morele meerderwaardigheid in te neem en nie verantwoordelikheid vir sy eie dade te aanvaar nie.

Die ANC se tweede voorlegging aan die WVK het volgens die koerant die indruk geskep dat die party homself probeer verontskuldig. Vir *Die Burger* was dit onaanvaarbaar dat die ANC die verskoning aanvoer dat sy ondersteuners politieke regverdiging gehad het vir die pleeg van misdade, en dat enige ongeoorloofde misdaad in stryd met ANC-beleid

---

[144] *Ibid*.
[145] *Die Burger*, 11.3.1997, hoofartikel, Blik wurms moet oop. Sien ook *Die Burger*, 2.6.1997, hoofartikel, Biegbank oor impimpi’s; *Die Burger*, 5.6.1997, hoofartikel, Impimpi’s moet uitkruip.
[146] *Die Burger*, 24.8.1996, Dawie-rubriek, ANC: morele relativisme kelder versoening in SA. Sien ook *Die Burger*, 27.9.1996, hoofartikel, Rigtingloos; *Die Burger*, 22.4.1997, hoofartikel, Morele hovaardigheid.

uitgevoer is.[147] Dit skep weereens die indruk van partydigheid en ondeursigtigheid aan die kant van die heersende party.

Verdere onsekerheid oor die ANC se aanspraak op deursigtigheid en toerekenbaarheid is geopper nadat die WVK amnestie aan 37 ANC-lede verleen het, waaronder Trevor Tutu, die seun van Desmond Tutu.[148] Wat veral omstrede was hieraan, was dat dit nie bekend gemaak is waarvoor hierdie amnestie toegeken is nie. Die ANC het dus weer, volgens *Die Burger*, homself skuldig gemaak aan partydigheid, wat nie bevorderlik is vir versoening nie.

4.2.4. Ander temas ten opsigte van die WVK

Op 26 Junie 1996 kon daar in ’n hoofartikel ’n bondige opsomming aangetref word van *Die Burger* se standpunt oor die besluit wat tydens die onderhandelingsproses geneem is oor algemene amnestie: “Een van die grootste flaters wat Suid-Afrika se politici, veral sommige, sedert 1990 begaan het, was om nie ’n algemene amnestie te aanvaar het toe die klimaat daarvoor reg was nie. Nou sit die land met die gebakte pere[…]”.[149] Die ‘gebakte pere’ waarvan hier gepraat word, verwys waarskynlik na die WVK, wat as mees geskikte alternatief vir ’n algemene amnestie beskou is, en wat volgens die koerant nie die gewenste uitwerking in terme van die onthulling van die volle waarheid en versoening gehad het nie.

Die Burger het in November 1996 selfs so ver gegegaan om voor te stel dat algemene amnestie onmiddellik uitgeroep moet word: “Pres Mandela [behoort] so spoedig moontlik ’n algemene amnestie af te kondig en die WVK summier te ontbind […] want as sake voortgaan soos nou, lyk versoening op die skaal wat ’n sukkelende en diep verdeelde Suid-Afrika so broodnodig het, bloot na ’n hersenskim”.[150] Hier is die koerant se

---

[147] *Die Burger*, 13.5.1997, hoofartikel, ANC was sy hande. Sien ook *Die Burger*, 17.10.1997, hoofartikel, Aanspreeklikheid.
[148] *Die Burger*, 1.12.1997, hoofartikel, Amnestie-skandaal. Sien ook *Die Burger*, 10.12.1997, hoofartikel, Skort WVK-optrede op.
[149] *Die Burger*, 26.6.1996, hoofartikel, Die geval Ratte.
[150] *Die Burger*, 6.11.1996, hoofartikel, Oplossing vir biegbank. Sien ook *Die Burger*, 27.11.1996, hoofartikel, WVK se partydigheid; *Die Burger*, 4.12.1996, hoofartikel, Eerlike erkennings aan albei kante nou nodig; *Die Burger*, 14.5.1997, Dawie-rubriek, Algemene amnestie dalk nog oplossing.

ontevredenheid oor die partydigheid van die kommissie tot so ’n mate op die spits gedryf dat daar eerder ’n einde aan die WVK-proses voorgestel word, as wat daar voortgegaan word met die waargenome ‘heksejag’ op lede van die vorige regering en voormalige lede van die veiligheidsmagte.

Met die toekenning van amnestie aan Brian Mitchell, wat verantwoordelikheid aanvaar het vir die sogenaamde Trust Feed-moorde, het *Die Burger* egter die motiewe van die kommissie bevraagteken: “Was die amnestie wat Mitchell gekry het nie net ’n gebaar van die kommissie om die taamlik algemene bedenkinge oor sy onpartydigheid te probeer temper nie?”[151] Wantroue omtrent die kommissie en die toekenning van amnestie kom dus voor – met die implikasie dat die kommissie se werksaamhede deur sekere belanghebbendes vir eie gewin aangewend word. Hierdie sentiment word herhaal in die hoofartikel “Maak boek volledig oop”.[152]

Op 5 Februarie 1997 verskyn ’n hoofartikel waarin hierdie omstrede kwessie weer ter sprake gebring word, na aanleiding van Constand Viljoen, leier van die Vryheidsfront, se weiering om aansoek te doen vir amnestie vir dade wat gepleeg is terwyl hy aan die hoof van die Weermag gestaan het.[153] Daar is reeds tydens die opstel van die WVK teen algemene amnestie besluit, maar *Die Burger* was van mening dat dit wel toegestaan moes word. Ebbe Dommisse het dié standpunt as volg bevestig: “Internasionale literatuur wys dat as daar so ’n groot ommekeer kom [soos met die politieke oorgang in Suid-Afrika], een van die eerste vereistes ’n algemene amnestie [is]”.[154] Dit sou probleme verhoed het rondom wie aanspreeklikheid moes aanvaar vir politieke dade, en daar sou nie ’n kwessie gewees het aangaande die verskonings deur ANC-lede dat hulle tydens die pleeg van politieke misdade slegs opdragte van bo uitgevoer het nie.[155]

Die idee dat waardevolle tyd en geld vermors is deur duur en tydsame verhore te hou (moontlik ’n byproduk van die feit dat algemene amnestie nie toegestaan is nie), word

[151] *Die Burger*, 12.12.1996, hoofartikel, Mitchell se vrylating.
[152] *Die Burger*, 16.12.1996, hoofartikel, Maak boek volledig oop.
[153] *Die Burger*, 5.2.1997, hoofartikel, WVK tameletjie.
[154] Ebbe Dommisse, persoonlike onderhoud, 10 September 2005, Kaapstad.
[155] *Ibid.*

nogmaals aangetref in die hoofartikel "Algemene amnestie".[156] Daar word weer die versugting uitgespreek dat algemene amnestie eerder toegeken moes word as om sulke verhore te hou. Die feit dat die WVK se amnestiekomitee verplig was om amnestie te verleen indien sekere voorwaardes nagekom is, is volgens hierdie hoofartikel so naby aan die toekenning van algemene amnestie dat laasgenoemde net sowel kon gebeur het.[157]

'n Laaste kwessie wat ter sprake gekom het, was die finansiële koste van die Waarheids- en Versoeningskommissie. Op 19 Maart 1996, in die hoofartikel "Nog langer soustrein"[158], word daar as voorbeeld van wanbesteding van geld deur die regering verwys na die WVK-begroting wat tot R70 miljoen opgeskuif is nog voordat die kommissie met sy verhore begin het. In die konteks van wanbesteding en die sogenaamde soustrein, kan dié opmerking oor die begroting van die WVK dus as negatiewe kritiek op die kommissie gesien word.

Later word juis die inkorting van die begroting weer 'n punt van kritiek, aangesien dit "nog minder beweegruimte laat om die Natalse konflik, halsbandmoorde, aanvalle op sagte teikens en vergrype in ANC-martelkamp deeglik te ondersoek".[159] Hier is dit weer duidelik dat *Die Burger* die WVKgesien het as 'n liggaam wat suiwer daarop toegespits was om voormalige lede van die veiligheidsmagte te ondersoek, en nie in te gaan op politieke misdade deur ANC-ondersteuners nie.

4.3. Gevolgtrekking

Gegrond op bostaande bespreking kan die gevolgtrekking gemaak word dat *Die Burger* se amptelike beleid teenoor die WVK, soos gereflekteer in die redaksionele kommentaar wat tussen 1996 en 1997 daaroor gelewer is, erg negatief was. Aanvanklik was die koerant se houding ook versigtig positief, maar hierdie positiwiteit het vinnig verdwyn,

---

[156] *Die Burger*, 6.8.1997, hoofartikel, Algemene amnestie.
[157] *Ibid*.
[158] *Die Burger*, 19.3.1996, hoofartikel, Nog langer soustrein. Sien ook *Die Burger*, 2.10.1997, hoofartikel, 'n Magdom kommissies.
[159] *Die Burger*, 26.3.1996, hoofartikel, Tutu se tirade. Sien ook *Die Burger*, 24.3.1997, Gerieflike verskoning.

vernaamlik weens die persepsie dat die hele WVK-proses daarop gemik was om ’n tipe heksejag te voer teen voormalige lede van die veiligheidsmagte en ondersteuners van die Nasionale Party, veral uit die Afrikaner-bevolkingsgroep. Ander faktore wat vir die koerant veral problematies was, is die ondeursigtigheid aan die kant van die ANC, die vervolging van P.W. Botha (wat die indruk van ’n onpartydige heksejag versterk het) en die persepsie van die gebrek aan morele moed by die ANC.

Christo van Staden is egter van mening dat dit dalk te sterk bewoord is om van ’n amptelike beleid van *Die Burger* teenoor die WVK te praat. Hy noem wel die volgende: “Die standpunt was wel dat die koerant agterdogtig was oor verskeie aspekte van die kommissie, bv. die samestelling daarvan (daar was, as ek reg onthou, net twee of drie kommissarisse uit die wit Afrikaner-gemeenskap). Die koerant was verder omgekrap oor bepaalde optredes van die kommissie wat vertolk kon word as eensydig en selfs 'n heksejag teen die wit Afrikaner.”[160] Op die vraag of daar ’n merkbare verandering was in die houding van die koerant teenoor die WVK tydens die verloop van die proses, is sy reaksie: “Ek sou sê dit het min of meer dieselfde gebly, hoewel ek tog reken die koerant deeglik kennis geneem het van bepaalde geraamtes wat uit kaste van veral die politici van die vorige bedeling en die veiligheidsmagte getuimel het. As ek reg onthou was die koerant ook gegrief deur die wyse waarop sommige politici geweier het om verantwoordelikheid te aanvaar vir sommige wandade van die verlede”. Ook Ebbe Dommisse is van mening dat die koerant se houding teenoor die WVK tydens die tydperk tussen 1996 en 1997 redelik konstant gebly het, en dat hoewel die koerant van die begin af skepties teenoor die proses gestaan het, daar nie ’n merkbare verandering was in die amptelike beleid of houding teenoor die Kommissie nie.[161]

Myns insiens bewys die voorafgaande bespreking van hoofberigte in *Die Burger* egter dat die koerant nie net van die begin van die WVK-proses skepties teenoor die aktiwiteite van die kommissie gestaan het nie, maar ook dat dié negatiewe houding met verloop van

[160] Christo van Staden, e-pos onderhoud, 10 Februarie 2006.
[161] Ebbe Dommisse, persoonlike onderhoud, 10 Augustus 2005, Kaapstad.

tyd toegeneem het in intensiteit, en dat daar teen die einde van 1997 ’n feitlik volkome negatiewe houding jeens die WVK waargeneem kon word.

In die volgende hoofstuk sal gekyk word na die tydperk tussen 1998 en 2003. Hoewel daar nog vir ’n paar maande in 1998 verhore en sittings van die WVK plaasgevind het, was hierdie jaar ook die een waarin ’n voorlopige verslag deur die kommissie voltooi is. ’n Bespreking daarvan hoort myns insiens dus by die post-WVK tydperk, waarin evaluering van die kommissie se werksaamhede en die impak daarvan op versoening in Suid-Afrika ondersoek is.

Pectora roborant cultus recti

Hoofstuk 5

Die Burger se houding teenoor die Waarheids- en Versoeningskommissie in die tydperk tussen 1998 tot 2003

5.1. Inleiding

Die negatiewe houding van *Die Burger* teenoor die Waarheids- en Versoeningskommissie waarvan in die vorige hoofstuk melding gemaak is, is ook sterk teenwoordig in die tydperk vanaf 1998 tot 2003. In 1998 is die kommissie se voorlopige verslag aan die president oorhandig, en is daar dus begin om terug te kyk na die WVK-proses en die bydrae van die kommissie te evalueer. Daar het wel nog verhore van die amnestiekomitee plaasgevind, asook enkele spesiale sittings (byvoorbeeld oor die rol van die sakesektor in apartheid). Die hooffokus het egter verskuif na die kommissie se bevindinge soos wat dit in die voorlopige verslag sou verskyn.

Die hoeveelheid dekking wat aan die Waarheids- en Versoeningskommissie afgestaan is, het uiteraard afgeneem met die geleidelike afhandeling van die kommissie se werksaamhede. Die voltooiing van die kommissie se finale verslag in 2003 (met die gepaardgaande voorstelle omtrent reparasie aan slagoffers van apartheid) het min reaksie ontlok, veral in vergelyking met die vrystelling van die voorlopige verslag. Daar kan ook ’n afname bemerk word in die negatiwiteit wat tussen 1996 en 1997, en tot 1998, kenmerkend was van die koerant se houding teenoor die WVK.

Hieronder sal eers algemene tendense in *Die Burger* se dekking in 1998 bespreek word, en daarna die tendense wat opgemerk kon word in die tydperk 1999 tot 2003. Om die skerp afname in die dekking van die WVK en die verminderde negatiwiteit teenoor die kommissie te illustreer, sal daar in hierdie hoofstuk spesifiek gefokus word op die maande Oktober 1998, en Maart en April 2003, waarin onderskeidelik die voorlopige en finale verslae vrygestel is.

5.2. Tendense ten opsigte van die Waarheids- en Versoeningskommissie in *Die Burger* se hoofartikels tydens 1998

5.2.1. Die dagvaarding aan P.W. Botha

Reeds vroeg in Januarie 1998 is daar ’n hoofartikel gepubliseer omtrent die dagvaarding wat die WVK aan voormalige staatspresident P.W. Botha laat bestel het na aanleiding van sy weiering om self voor die kommissie te verskyn.[162] Die koerant bevraagteken hierin die noodsaak daarvan dat Botha persoonlik voor die kommissie getuig, aangesien hy reeds uitvoerige skriftelike antwoorde verskaf het op die vrae wat die WVK aan hom wou stel.

Die Burger verklaar hierdie dagvaarding op die volgende wyse: “As die WVK se geskiedenis van eenogigheid in aanmerking geneem word, sy duidelike begeerte om net die een kant van die waarheid oop te vlek (die een wat die vorige regering kan benadeel), lyk dit geregverdig om af te lei dat Botha, nes oud-pres. F.W. de Klerk, in die openbaar venynig aangeval en verneder moet word”.[163] Hier kan die leser weer die koerant se houding waarneem dat die kommissie partydig is en slegs in “een kant van die waarheid” belang stel. Die verwysings na die Waarheidskommissie se “geskiedenis van eenogigheid” en na die kommissie se “duidelike” partydigheid beklemtoon weer die uiters negatiewe houding wat *Die Burger* teenoor die kommissie se werksaamhede ingeneem het. Ook die beskuldigings oor venynigheid en vernedering van sekere getuies is ’n aanduiding van ernstige twyfel oor die werksaamhede van die WVK en oor die neutraliteit van die kommissie.

Aan die einde van Maart 1998 is dit bekend gemaak dat Botha volgens twee mediese spesialiste waarskynlik nie oor die vermoë beskik het om in die hof tereg te staan nie. Vir *Die Burger* was hierdie bevinding verdere bewys van ’n ondeurdagte werkswyse by die WVK. In ’n hoofartikel het die koerant die besluit veroordeel om Botha te dagvaar, en is daar gesê dat “die heftige optrede het slegs die vermoede versterk dat die WVK se

[162] *Die Burger*, 9.1.1998, hoofartikel, P.W. Botha en die WVK. Sien ook *Die Burger*, 26.1.1998, hoofartikel, P.W. Botha se rol.
[163] *Ibid*.

akroniem eintlik staan vir wraak en vergelding".[164] Die WVK is dus weer beskuldig van 'n soort heksejag op die Afrikaner-groep, waarvan Botha te oordeel aan die betrokke hoofartikels as verteenwoordigend gesien is.

In April het die koerant in 'n hoofartikel gesê (na aanleiding van 'n moontlike skikking tussen Botha en die WVK) dat "wat ook al gebeur, daar [net gehoop kan word] dat dié episode 'n les vir die WVK sal wees oor hoe destruktief sy *modus operandi* tot nou toe was". [165] Die "onverbloemde eensydigheid" van die kommissie sou volgens dié hoofartikel ook die "wonde van die verlede" kon vererger eerder as genees, en daar is verder gesê: "Sulke openbare geseling van 'n sleutelfiguur in die oorgangsproses is gewis nie die manier om versoening te bewerkstellig nie".[166]

Kritiek op beide die ANC en die WVK kan gesien word in 'n hoofartikel wat gepubliseer is kort ná die hof 'n uitspraak gelewer het oor Botha se weiering om voor die WVK te getuig.[167] Die kommissie het deurgeloop omdat hulle Botha voor die hof gedaag het, wat volgens die koerant onnodig was aangesien hy sy samewerking gegee het deur skriftelik die kommissie se vrae te antwoord. Dit was vir *Die Burger* nog 'n bewys dat die kommissie 'n heksejag op lede van die vorige regering gevoer het. Die koerant se negatiewe standpunt kan duidelik waargeneem word in dié stelling aangaande Botha se skriftelike antwoorde en die gebrek aan aandag wat die WVK daaraan geskenk het: "Hoeveel agting die WVK vir die regsproses had, het uit kruisondervraging geblyk: Desmond Tutu het as voorsitter nie eens die moeite gedoen om na die antwoorde te kyk nie. Geen wonder dat meningspeilings toon dat die WVK se werkswyse groter polarisasie veroorsaak nie".[168] Daar word in dieselfde hoofartikel ronduit na die WVK verwys as die ANC se "instrument van wraak". Ook die verband tussen dié twee instansies het hier dus weer onder skoot gekom.

---

[164] *Die Burger*, 1.4.1998, hoofartikel, Vreemde versoening. Sien ook *Die Burger*, 15.4.1998, Dawie-rubriek, Politici moet liewer oor moraliteit beskeie wees.
[165] *Die Burger*, 15.4.1998, hoofartikel, Dit gaan oor versoening. Sien ook *Die Burger*, 13.6.1998, hoofartikel, Ekskuus!.
[166] *Ibid*.
[167] *Die Burger*, 24.8.1998, hoofartikel, Die Botha uitspraak.
[168] *Ibid*.

5.2.2. Amnestie en die partydigheid van die WVK

Daar is reeds in die vorige hoofstuk verwys na die omstrede toekenning van amnestie aan 37 senior lede van die ANC. Hierdie kwessie het weer ter sprake gekom in 1998, met die besluit van die Waarheidskommissie om hierdie verlening van amnestie deur die hof te laat toets.

In ’n hoofartikel is die volgende stelling oor die WVK se heroorweging van amnestie gemaak: “Die feit dat hy in dié posisie beland het waar hy een van sy eie komitees voor die hof moet daag, bewys net nog eens dat hy kwalik op onpartydigheid aanspraak kan maak…Die onwettige amnestieverlening was maar net nóg ’n misgreep in ’n reeks van talle wat die bestaan van die kommissie tot dusver gekenmerk het”.[169] Weereens is die neutraliteit van die kommissie bevraagteken, en die WVK-proses as geheel gekritiseer. Veral die verwysing na “’n reeks van talle [misgrepe]” is ’n aanduiding daarvan dat *Die Burger* die WVK-proses beskou het as synde gekenmerk deur meervoudige probleme.

Laat in Januarie 1998 kondig die WVK aan dat die werksaamhede van die amnestiekomitee langer sal voortduur as wat aanvanklik beplan is. Hierin het *Die Burger* ook die partydigheid van die WVK gelees, aangesien die bevindinge van die kommissie in die algemene verkiesing van 1999 deur die ANC as propaganda-instrument aangewend kon word.[170] Volgens die betrokke hoofartikel sou dít moontlik wees omdat die verlenging van die amnestiekomitee se aktiwiteite heel waarskynlik sou beteken dat die onthulling van ANC-wandade eers ná die verkiesing sou plaasvind. “’n Verlenging van die amnestiekomitee se doen en late kan, as die volgorde slinks gestruktureer word, tot voordeel van één party aangewend word,” sê die koerant hieroor.[171] Veral die woord “slinks” skep hier sterk die indruk dat Die Burger die WVK-proses beskou as ’n partydige een waarin agterbakse inmenging aan die orde van die dag is.

---

[169] *Die Burger*, 15.1.1998, hoofartikel, WVK kon nie anders. Sien ook *Die Burger*, 16.3.1998, hoofartikel, Die biegbank hof toe; *Die Burger*, 22.7.1998, hoofartikel, Al hoe skewer.
[170] *Die Burger*, 28.1.1998, hoofartikel, Die stryd duur voort. Sien ook *Die Burger*, 29.1.1998, hoofartikel, Dieper in moeilikheid; *Die Burger*, 17.7.1998, hoofartikel, Algemene amnestie.
[171] *Ibid*.

Die rubriekskrywer Dawie het hom ook oor die amnestiekomitee uitgelaat. In "Regering worstel met sy eiegemaakte monster"[172] is daar erg gelaaide en negatiewe taal gebruik om die kommissie, en veral die amnestiekomitee, te veroordeel. Die WVK is byvoorbeeld beskryf as "daardie eenogige gedierte wat in 'n gedrog ontaard het". Dawie verwys ook na Desmond Tutu en Alex Boraine as die "bevooroordeelde voorbokke" van die kommissie, en sê dat "'n Regering wat werklik versoening nastreef,…[van hulle] ontslae [sou] raak".[173] Hier sien die leser dus weer 'n afwysing van partydige kommissarisse, en 'n veroordeling van die ANC se betrokkenheid by die WVK-proses. Die kommissie se werksaamhede word selfs twee maal as 'n "klug" beskryf.

Met betrekking tot die amnestie van 37 senior ANC-lede, beslis die Kaapse Hooggeregshof in Mei 1998 dat die toekenning van amnestie aan die betrokkenes teruggetrek moes word. Volgens 'n hoofartikel wat op 12 Mei verskyn het, was die feit dat die WVK een van sy eie komitees voor die hof moes daag, 'n knou vir die kommissie se "geloofwaardigheid en morele gesag", en was "die persepsie dat 'n liggaam soos die WVK partydig optree, …klaar verdelend".[174]

Daar is verder die volgende gesê oor bogenoemde onderwerp: "Wanneer die wetlike vereistes so ooglopend geminag word om ANC lede…onregmatig te beskerm moet die WVK nie kla as sy motiewe bevraagteken word nie".[175] Daar word hier dus weer melding gemaak van die partydigheid en eensydigheid van die kommissie – dieselfde artikel sê selfs reguit: "ANC simpatiseerders oorheers die kommissie".

'n Ander geval waar die besluit om amnestie toe te staan, skerp gekritiseer is, was met die kwytskelding van diegene wat verantwoordelik was vir die bomaanval op die St. James-kerk in Kenilworth in 1993. Dié besluit is "moreel weersinwekkend" genoem, en daar is weer gewys op die WVK se onvermoë om versoening te bewerkstellig: "Deur net wonde

---

[172] *Die Burger*, 11.2.1998, Dawie-rubriek, Regering worstel met sy eiegemaakte monster. Sien ook *Die Burger*, 13.2.1998, hoofartikel, Terugwaartse leiding; *Die Burger*, 28.2.1998, Dawie-rubriek, 'n Duiwelse ding haal toe 'n politieke geestelike in.
[173] *Ibid*.
[174] *Die Burger*, 12.5.1998, hoofartikel, Nog 'n slag vir WVK. Sien ook *Die Burger*, 11.6.1998, hoofartikel, Die ANC leêrs; *Die Burger* 29.7.1998, hoofartikel, Tutu-hulle vergiftig SA met muis van mislukking.
[175] *Ibid*.

oop te krap en derms uit te ryg word versoening nie gedien nie".[176] Daar word verder weer genoem hoe jammer dit is dat daar nie tydens die onderhandelingsproses op 'n algemene amnestie besluit is nie.

5.2.3. Die WVK-verslag en die kommissie se bevindinge

Die rubriekskrywer Dawie bevraagteken of die WVK-verslag uiteindelik ewewigtig sal wees. Hy het veral verwys na die band tussen die ANC en die kommissie, en het ook beweer dat: "Tutu en die WVK [het] van die begin af hetsy implisiet of eksplisiet die paradigma oorgeneem wat die ANC…in sy voorlegging aan die WVK gebruik het – dié van 'n 'geregverdigde oorlog'".[177] Die hoop word uitgespreek dat die verslag nie as gevolg hiervan slegs sal fokus op die dade van die voormalige regering en veiligheidsmagte nie, maar ook sal kyk na oortredings wat deur lede van die bevrydingstryd gepleeg is.

Op 1 Julie 1998 skryf *Die Burger* in 'n hoofartikel: "Waarom die Waarheids- en Versoeningskommissie steeds met sy werksaamhede voortgaan en nie maar dadelik sy verslag opstel en voltooi nie, is 'n raaisel. Hy het tog klaar besluit dat net agtereenvolgende Nasionale Party regerings en die Afrikaners kollektief hulle aan ernstige menseregteskendings skuldig gemaak het".[178] Daar word weer gewys op die onwilligheid van die ANC om sy eie lede se menseregteskendings deur die kommissie te laat ondersoek, en hieruit word afgelei dat die WVK reeds besluit het dat die ANC nie aan sulke skendings skuldig is nie. Daarom is gesê "dat die WVK dus hoegenaamd nog voortgaan 'n onnodige verkwisting van belastingbetalers se geld [is]"[179] – dit kom volgens die koerant voor dat die WVK reeds besluit het wat in sy verslag opgeteken gaan word.

---

[176] *Die Burger*, 15.6.1998, hoofartikel, Begrawe die malheid nou.
[177] *Die Burger*, 6.5.1998, Dawie-rubriek, Afrikaners se selfrespek: Tutu moet uithaal en wys. Sien ook *Die Burger*, 8.5.1998, hoofartikel, Nóg 'n bewys.
[178] *Die Burger*, 1.7.1998, hoofartikel, Laat WVK skryf en klaarkry. Sien ook *Die Burger*, 2.7.1998, hoofartikel, Skade by skande.
[179] *Ibid*.

Kort ná die afhandeling van die WVK se verhore en sittings het *Die Burger* in ’n hoofartikel kommentaar gelewer oor die waarskynlikheid dat die WVK se uiteindelike bevindinge ewewigtig sal wees en oor die partydigheid van die WVK.[180] Dít het gekom nadat ’n ANC-lid diegene verwyt het wat kritiek teen die WVK lewer. Daarom het die koerant dit volgens dié artikel relevant geag om weer te kyk na die hoofpunte van beswaar wat die koerant reeds van die begin van die WVK-proses teen die kommissie gehad het.[181]

Eerstens is daar verwys na die “skeef saamgestelde kommissie”, en word gesê dat ’n mens nie van so ’n liggaam “billike en ewewigtige optrede” kan verwag nie. Verder is daar verwys na die pro-ANC partydigheid wat die koerant by die WVK waargeneem het: “Inderdaad hét die WVK voortdurend sy vooroordeel ten gunste van veral die ANC laat blyk…mense wat die ANC wou aankla, is dikwels kortgeknip…geen verhore is aan die ANC se eie strafkampe gewy nie”.[182] *Die Burger* verdedig laastens die feit dat hy kritiek lewer op die WVK met die volgende stelling: “Kritiek teen dié eenogigheid het met ’n teenkanting teen versoening niks te make nie…baie kritici – onder wie *Die Burger* – streef wel deeglik na versoening, maar dan égte versoening, gebaseer op wedersydse respek, nie eensydige vernedering nie”.[183] Dit word dus weer duidelik dat die koerant se standpunt oor die WVK steeds negatief is, en dat hierdie negatiewe houding toegeneem het in intensiteit sedert die begin van die kommissie se werksaamhede (kyk byvoorbeeld na die gebruik van woorde soos “hopeloos”, “eenogigheid” en “eensydigheid, en die teenstelling wat in die slot geskep word tussen égte versoening en die tipe versoening wat die WVK tot gevolg sal hê).

Dieselfde tipe opmerkings rakende die WVK se bevindinge word gemaak in die hoofartikel “Al hoe erger”. Dié artikel word geskryf nadat die kommissie sogenaamde skuldbriewe[184] uitgestuur het aan 200 persone wat aan growwe menseregteskendings

---

[180] *Die Burger*, 4.8.1998, hoofartikel, Die WVK en versoening.
[181] *Ibid*.
[182] *Ibid.*
[183] *Ibid.*
[184] Hierdie briewe het diegene wat skuldig bevind sou word aan growwe menseregteskendings, daarvan verwittig dat hul name in die WVK se verslag gepubliseer sou word.

skuldig bevind sou word. Dit is byvoorbeeld vir die koerant problematies dat figure soos F.W. de Klerk en Mangosuthu Buthelezi, wat volgens *Die Burger* uiters belangrike rolspelers in die vreedsame oorgangsproses was, ook sulke briewe ontvang het. Daar word egter gesê dat dié toedrag van sake nie verrassend behoort te wees nie: "Die WVK het immers al meermale sy bevindings vooruitgeloop: as voorsitter het Desmond Tutu beweer dat die 'demografie van apartheid' bepaal dat meeste menseregteskendings deur Afrikaners gepleeg is".[185] Hier is die koerant se standpunt weer sigbaar dat die WVK-proses eintlik bedoel is as heksejag op die Afrikaner.

Dieselfde skuldbriewe kom ter sprake in die hoofartikel "Skuld en onskuld". Hier word daar kritiek gelewer op Minister van Justisie Dullah Omar se reaksie op die omstredenheid rondom die uitstuur van hierdie briewe. Soos voorheen (sien Hoofstuk Vyf) gee Omar wat *Die Burger* "'n geykte reaksie" noem, naamlik dat die "ANC 'n morele stryd gevoer [het] en apartheid 'n misdaad teen die mensdom [was]. Dus: die ANC se stryd – gevolglik ook sy metodes – was geregverdig".[186]

In Oktober 1998, net voor die bekendmaking van die WVK-verslag, het die ANC ingegryp en aangedring op wysigings aan die verslag se inhoud, spesifiek die kommissie se bevindinge rakende ANC-lede se betrokkenheid by growwe menseregteskendings. Name van diegene wat skuldig bevind is, is ook in sommige gevalle verwyder. *Die Burger* het hierdie ingryping afgewys, en in 'n hoofartikel gesê dat dit "'n onheilige knoeispul" is. Die negatiewe houding van die koerant teenoor die kommissie word dus weer duidelik uit die stelling dat "die vraag ontstaan hoeveel blapse nóg deur die skeefgetrekte kommissie begaan is".[187] Daar word ook gesê dat die kommissie se "meeste bevindings in elk geval lankal vooruitgeloop [is]". Hier kry die leser dus weer die indruk dat *Die Burger* die WVK-proses as partydig beskou het.[188]

---

[185] *Die Burger*, 7.9.1998, hoofartikel, Al hoe erger.
[186] *Die Burger*, 9.9.1998, hoofartikel, Skuld en onskuld. Sien ook *Die Burger*, 10.9.1998, hoofartikel, Geregtigheid in stryd; *Die Burger*, 9.12.1998, hoofartikel, Só plooi die ANC die reëls.
[187] *Die Burger*, 29.10.1998, hoofartikel, Verminkte verslag.
[188] *Ibid.*

Direk ná die bekendmaking van die WVK se voorlopige verslag het daar ’n hoofartikel verskyn wat uiters negatief was oor die kommissie en sy werksaamhede, en wat beskou kan word as opsommend van die koerant se houding teenoor die kommissie tot op daardie tydstip. Die titel hiervan is “Teater van absurde”, wat reeds vir die leser aandui dat die bespreking wat volg nie besonder positief gaan wees nie. Die eerste stelling wat gemaak word lees dan ook as volg: “Die katastrofale afloop van die Waarheids- en Versoeningskommissie se verslagdoening oor sy hoogs omstrede drie jaar lange ondersoek is deur die BBC as ’n klug bestempel. ’n Juister beskrywing is dalk eerder die teater van die absurde”. [189] Die gebruik van woorde soos “katastrofale”, “hoogs omstrede” en “absurde” toon reeds aan die begin van dié hoofartikel die sterk negatiewe houding wat teenoor die WVK geheers het.

Verder kom die negatiewe reaksies wat die verskillende partye op die WVK-verslag gelewer het, hier ter sprake, en dié reaksies kan gesien word as ’n aanduiding dat die kommissie as ongeloofwaardig beskou word: “Die land se voorste leiersfigure verwerp nou die verslag en die proses waarop hulle vroeër so meedoënloos aangedring het. Dit is die verdoemendste mosie van wantroue denkbaar wat die WVK op die lyf kon loop”.[190]

Dat die WVK ongeloofwaardig is, is volgens hierdie hoofartikel meestal die gevolg van die kommissie se bevinding dat die meeste menseregteskendings deur lede van die voormalige veiligheidsmagte gepleeg is, en sowel vergrype deur lede van die bevrydingsbewegings as die ANC-IVP geweld in KwaZulu-Natal oor die hoof gesien het. Hieroor word daar ook die volgende gesê: “Dít was voorspelbaar, want die voorsitter en ondervoorsitter, Desmond Tutu en Alex Boraine, het immers lankal met hul stories oor die ‘demografie van apartheid’ die nodige skuldigbevindings gedoen”.[191] Dié stelling bevestig by die leser die indruk dat die WVK volgens die koerant bloot ’n heksejag was teen die vorige regering.

---

[189] *Die Burger*, 30.10.1998, hoofartikel, Teater van absurde.
[190] *Ibid.*
[191] *Ibid.*

Nog problematiese aspekte van die kommissie se werksaamhede vir *Die Burger* was die verklaring in die verslag dat apartheid ’n misdaad teen die mensdom was, die feit dat die WVK nie ’n ondersoek geloods het na die impimpi’s in die ANC-regering nie, en die toekenning van amnestie aan 37 senior lede van die ANC. Die noodsaaklikheid daarvan dat ook die ANC se oortredings ondersoek moet word, kom in die volgende stelling na vore: “Dis gebiedend dat ’n nasie wat ’n menseregtekultuur aanvaar het, moet weet watter growwe menseregteskendings gepleeg is deur diegene onder wie se hiel hulle nou staan”.[192]

Dié hoofartikel word afgesluit deur die mening uit te spreek dat die WVK nie sy doel gedien het en versoening bevorder het nie: “Die hardste en ontstellendste waarheid van almal is dat die WVK, wat klaarblyklik allermins die volle waarheid kon uitgrawe, ook hopeloos gefaal het in sy ander vername taak, om versoening te bevorder. Veel eerder het die WVK wantroue tussen groepe en partye aangeblaas en polarisasie in die land vererger”.[193]

5.3. Tendense ten opsigte van die WVK in *Die Burger* vanaf 1999 tot 2003

Vanaf 1999 word daar feitlik uitsluitlik verslag gedoen oor die werksaamhede van die amnestiekomitee en sy besluite aangaande die toekenning van amnestie aan sekere individue, aangesien dit die enigste afdeling van die WVK was waarvan die aktiwiteite nog nie afgehandel was nie. Dié amnestieproses was volgens *Die Burger* ’n illustrasie van die kommissie se partydigheid en van die feit dat die kommissie nie in sy doelstellings geslaag het om versoening te bewerkstellig en ’n volledige prentjie van die Suid-Afrikaanse verlede te skep nie.

Dié houding teenoor die amnestiekomitee word verwoord in die hoofartikel “Amnestie” wat in Februarie 1999 (ná die toestaan van amnestie aan voormalige polisieman Jeff

[192] *Die Burger*, 30.10.1998, hoofartikel, Teater van absurde.
[193] *Ibid.*

Benzien[194], die weiering van amnestie aan die polisiemanne wat verantwoordelik was vir Steve Biko se dood in aanhouding[195] en die toekenning van amnestie aan die St James-kerk aanvallers[196]) verskyn: "Rou emosies wat losgemaak is ná die jongste besluite van die WVK se amnestiekomitee wys opnuut hoe die proses om vergrype van die verlede te hanteer, op sorgwekkende wyse skeefgeloop het. Aan albei kante van die eertydse konflik is daar teleurstelling, ontnugtering en selfs nuwe smart oor die verloop van die uitgerekte soeke na die waarheid, met weinig tekens van die veronderstelde versoening wat daarmee gepaard moes gaan". [197]

In hierdie artikel kan die standpunt weer teruggevind word dat die WVK verdelend eerder as versoenend was, en dat die kommissie partydig was. Daar word byvoorbeeld daarop gewys dat die aansoek van Benzien aan al die nodige wetlike vereistes voldoen het, maar dat amnestie nie aan hom toegestaan is nie, terwyl die polisiemanne wat vir Biko se dood verantwoordelik was se aansoeke "moontlik tot [die amnestiekomitee] se verligting"[198] op tegniese regsgronde verwerp is. Daar word dus hier geïnsinueer dat die komitee partydig was met die neem van sy besluite.

Hierdie tema kom weer voor in die hoofartikel "Amnestie-debakel", wat verskyn op 8 April 1999. Daar word verwys na die "steeds voortslepende" WVK wat nie "in sy vername doelwit van versoening" [199] slaag nie, nadat amnestie aan 79 ANC-hooggeplaastes geweier is. Daar is egter nie bekend gemaak vir watter wandade hierdie persone om amnestie aansoek gedoen het nie, wat volgens *Die Burger* die indruk by die Suid-Afrikaanse publiek kan skep dat die waarheid omtrent die verlede van huidige lede

---

[194] Benzien was as kaptein in die Polisie verantwoordelik vir die ondervraging en marteling van diegene wat verdink is van onwettige politieke bedrywighede.
[195] Biko, 'n leier van die Swart Bewussyn-beweging, is oorlede as gevolg van beserings wat hy tydens ondervraging deur die Polisie opgedoen het. Die Polisie het ontken dat sulke beserings Biko aangedoen is.
[196] Lede van APLA, die gewapende vleuel van die PAC, het in 1993 'n bomaanval uitgevoer op die St James-kerk in Kenilworth. Hulle het aangevoer dat die aanval politiek gemotiveer was.
[197] *Die Burger*, 19.2.1999, hoofartikel, Amnestie.
[198] *Die Burger*, 19.2.1999, hoofartikel, Amnestie. Sien ook *Die Burger*, 27.2.1999, Dawie-rubriek, Spoke van verlede kan net nie tot rus kom nie; *Die Burger*, 9.4.1999, hoofartikel, Onlogiese amnestie; *Die Burger*, 12.8.1999, hoofartikel, Gevolge van onewewigtigheid.
[199] *Die Burger*, 8.4.1999, hoofartikel, Amnestie-debakel. Sien ook *Die Burger*, 30.4.1999, hoofartikel, Dit sleep steeds voort; *Die Burger*, 27.7.1999, hoofartikel, Morele genuanseerdheid; *Die Burger*, 9.8.1999, Nog 'n twyfelagtige amnestie.

van die regering verswyg word: "In die lig van die beloftes oor deursigtigheid, toerekenbaarheid en ander regeringsdeugdelikhede waaroor die ANC vroeër so hoog opgegee het, sou die publiek tereg kan verwag dat die huidige regeringslede alles in hul vermoë sou doen om oop kaarte te speel".[200]

Kritiek word uitgespreek teen die langdurendheid van die amnestieproses in die hoofartikel "Amnestie-turksvy". Die volgende stelling word gemaak: "As daar een ding is waarvan Suid-Afrika nou al meer as genoeg gehad het, is dit die Waarheidskommissie en die amnestieproses wat uit sy verhore spruit. Soos voorsien kon word, is daar in groewe vasgeval wat sake onbepaald kan laat voortsloer". [201] Ook die reg van die Suid-Afrikaanse publiek om die volle waarheid te weet aangaande menseregteskendings deur ANC-lede word weer hier bespreek. Die verband wat volgens *Die Burger* bestaan tussen die ANC en die WVK kom ook weer aan bod: "Dat die ANC…al die politieke voordeel uit die WVK se dikwels sirkusagtige openbare verhore getrek het wat hy moontlik kon, is reeds ou nuus".[202]

Die kwessie van die WVK se reaksie op kritiek teen hom word ook aangeroer. In 'n hoofartikel op 30 Julie 1999[203] word verwys na die kritiek wat in Anthea Jeffrey se pas verskene *The Truth About The Truth Commission* teen die WVK uitgespreek is. In antwoord hierop het die kommissie gesê dat hy homself nie aan die boek sal steur nie, aangesien dit die mening is van een individu wat nie by die WVK-proses betrokke was nie. Hieroor huldig *Die Burger* die volgende mening: "Die kommentaar waarmee die Waarheids- en Versoeningskommissie vandeesweek negatiewe uitsprake oor sy verslag en krom werkswyse begroet het, skaad sy reeds gehawende beeld net erger" en "'n Mens sou gedink het die WVK sou meer ruggraat gehad het om te reageer op beskuldigings dat hy uiters gebrekkige metodes gebruik het in sy poging om die 'waarheid' oor Suid-Afrika se onlangse verlede vas te stel". [204] Die koerant sien hier dus die kommissie se onwilligheid om kritiek te aanvaar as nog 'n problematiese aspek van die WVK-proses.

---

[200] *Ibid.*
[201] *Die Burger*, 26.5.1999, hoofartikel, Amnestie-turksvy.
[202] *Ibid.*
[203] *Die Burger*, 30.7.1999, hoofartikel, Futlose WVK..
[204] *Ibid.*

Ook die verwysing na "waarheid" tussen aanhalingstekens dui vir die leser aan dat die skrywer (en dus die koerant) die geldigheid van die WVK se bevindinge betwyfel.

Die hoeveelheid ruimte wat in *Die Burger* aan die WVK afgestaan is, verminder ná 1999 aansienlik. Dit is uiteraard die gevolg daarvan dat die kommissie se werksaamhede geleidelik tot 'n einde begin kom het. Daar kom wel 'n aantal nuusberigte voor rakende die afhandeling van die kommissie se aktiwiteite, maar die aantal hoofartikels neem af tot net enkeles per jaar.

Wat wel nou merkbaar is in die paar hoofartikels oor die WVK wat gepubliseer word, is dat die amptelike houding van *Die Burger* teenoor die kommissie nou heelwat meer gebalanseerd daar uitsien en dat die vroeëre uiterste negatiwiteit nou ooglopend afgeneem het. Hierdie verandering kan myns insiens onder meer daaraan toegeskryf word dat die koerant in 2000 'n nuwe redakteur gekry het wat minder negatief teenoor die WVK gestaan het en dus ook *Die Burger* se amptelike houding teenoor die kommissie beïnvloed het.[205]

'n Voorbeeld van dié veranderende houding word aangetref in die hoofartikel "Vergifnis" wat op 4 Oktober 2000 verskyn.[206] Hierin word vertel van die "roerende versoeningstonele" tussen Dullah Omar en Ferdi Barnard, wat in 1989 'n sluipmoordpoging op Omar moes uitvoer. Die koerant erken nou die opregtheid van beide Barnard en Omar in hierdie saak: "Maar mens wil graag Barnard se berou oor sy afgryslike dade as opreg aanvaar" en "Die voorbeeld wat min. Omar […] stel, is eweneens navolgenswaardig. Ondanks die vernedering wat hulle dikwels tydens die anti-apartheid-stryd moes verduur, en pleks daarvan om met 'n wrok in die hart rond te loop teen mense soos Barnard, is hulle bereid om te vergewe".[207]

Ook die amptelike afsluiting van die WVK se werksaamhede in Maart 2002 word op gematigde en gebalanseerde wyse deur die koerant in 'n hoofartikel afgewag. Waar daar

[205] Leopold Scholtz, persoonlike onderhoud, 28 Julie 2005, Kaapstad.
[206] *Die Burger*, 4.10.2000, hoofartikel, Vergifnis.
[207] *Ibid.*

vroeër slegs kritiek was op die kommissie se bevindinge en pogings tot versoening, is daar nou in hierdie artikel gesê dat die WVK "ongelukkig nie die volle waarheid geopenbaar [het] nie en net 'n mate van versoening gebring [het]". [208] Daar word met ander woorde dus tog erken dat die kommissie wel 'n mate van sukses bereik het.

Verder is daar ook oor die kommissie se bevindinge 'n verandering in houding by *Die Burger* te bespeur: "Nou, meer as drie jaar sedert die kommissie sy kernbevindinge bekend gemaak het (die laaste dele van die verslag word nog geskryf), kan die feite wat aan die lig gekom het rustiger beoordeel word. En daar kan geen twyfel meer bestaan dat die WVK, selfs met sy ernstige gebreke, daarin geslaag het om die sluier op te lig oor 'n donker verlede wat niemand weer wil oorhê nie".[209]

Selfs meer positiewe kommentaar verskyn op 1 April 2002 in 'n hoofartikel met die titel "Die WVK". Hoewel dit moeilik is om 'n antwoord te verskaf op die vraag of die WVK wel versoening in Suid-Afrika bewerkstellig het, is dit tog " 'n onomstootlike feit dat die WVK die beste manier was om die apartheidslei skoon te vee". [210] Hier tref die leser 'n positiwiteit teenoor die kommissie aan wat voorheen ongekend was. Dit verteenwoordig 'n bykans totale ommekeer van die koerant se vroeëre standpunt dat die toekenning van algemene amnestie die beste manier was vir die hantering van die onlangse Suid-Afrikaanse verlede.

In 2002 en 2003 kom veral ook die kwessie van reparasies aan die slagoffers van apartheid ter sprake. In April 2003 is 'n hoofartikel gepubliseer met die opskrif "Mbeki se wysheid".[211] Hierin word verwys na die debat wat in die Parlement gevoer is rakende die uitreiking van die finale verslag van die WVK en die uitbetaling van reparasies aan slagoffers, en spesifiek na pres. Mbeki se bydrae tot die debat: "Pres. Thabo Mbeki […] was by 'n vurk in die pad waar hy vergelding, onteiening, strafreparasies en welvaartbelasting kon gekies het. Maar Mbeki het wyslik op die ander pad – die een van

---

[208] *Die Burger*, 24.12.2001, hoofartikel, WVK: die einde.
[209] *Ibid.*
[210] *Die Burger*, 1.4.2002, hoofartikel, Die WVK.
[211] *Die Burger*, 17.4. 2003, hoofartikel, Mbeki se wysheid.

versoening en heropbou – besluit".[212] Dit is duidelik dat die negatiwiteit wat vroeër jeens die WVK geheers het, hier plek gemaak het vir 'n meer gebalanseerde houding teenoor die kommissie, waarin die ANC (wat vroeër gesien is as 'n uitbuiter van die WVK-proses) en sy leier selfs lof toegeswaai word.

Op 31 Desember 2003 is die besluit bespreek om geïdentifiseerde slagoffers en hul families met R30 000 elk te vergoed.[213] Die vraag word gevra of 'n geldelike uitbetaling die beste manier is om slagoffers vir hul lyding tydens die apartheidsjare te vergoed deur te sê: "En is dit enigsins moontlik om menslike lyding in geldwaarde te meet?". Ten slotte word ook gewaarsku: "Uiteindelik behels reparasie veel meer as geld. Dit sluit in 'n veel groter sensitiwiteit vir die feit dat die gevolge van apartheid tien jaar ná die aanbreek van die demokrasie vir miljoene Suid-Afrikaners steeds 'n daaglikse werklikheid is".[214]

In bostaande bespreking is daar aangetoon hoe *Die Burger* se houding teenoor die Waarheids- en Versoeningskommissie met die aanvang van die tydperk tussen 1998 en 2003 steeds erg negatief was, maar hoe dit met die verdere verloop van tyd verander het – en teen 2003, met die oorhandiging van die kommissie se finale verslag heelwat meer gebalanseerd en in sommige gevalle selfs oorwegend positief geword het. Hierdie verskynsel word in meer besonderhede verklaar in die finale hoofstuk.

[212] *Ibid.*
[213] *Die Burger*, 31.12.2003, hoofartikel, Apartheidskuld. Sien ook *Die Burger*, 17.4.2003, hoofartikel, Mbeki se wysheid.
[214] *Ibid.*

Hoofstuk 7

Evaluering

Die Waarheids- en Versoeningskommissie se ontstaan is gewortel in die onderhandelingsproses van die vroeë negentigerjare, waarin daar samesprekings gevoer is aangaande die oorgang na ’n nuwe politieke bestel in Suid-Afrika. Tydens hierdie gesprekke is daar gewys op die noodsaaklikheid daarvan om ’n manier te vind waardeur die nuwe Suid-Afrika met die waarheid omtrent sy verlede kan omgaan en waardeur versoening onder verskillende bevolkingsgroepe bevorder kan word.

Wat die koerant se amptelike houding teenoor die politieke veranderinge in Suid-Afrika betref, is daar veral twee tendense wat na vore kom. Eerstens word daar in hoofartikels afkeurend verwys na politieke geweld. Dié afkeer in geweld was ook een van die redes waarom die koerant ten gunste was van ’n onderhandelingsproses – dit is gesien as ’n manier om vreedsame oorgang te bewerkstellig en verdere politieke geweld te vermy.

’n Ander opmerklike tendens was dat die koerant dikwels kritiek uitgespreek het teen die ANC. Veral die feit dat dié party aanvanklik nie sy gewapende vleuel, Umkonto we Sizwe, wou ontbind nie, het *Die Burger* vrae laat oor die ANC se toewyding tot die onderhandelingsproses en ’n vreedsame oorgang in Suid-Afrika. Ook ver-regse partye loop dikwels deur onder kritiek, veral in gevalle waar lede van sulke partye hulself skuldig gemaak het aan voorvalle van politieke geweld.

Ten spyte van kritiek op individuele partye, kan die koerant se oorheersende standpunt oor die politieke veranderinge beskryf word as een van versigtige optimisme. Mits geweldpleging vermy word, moet die onderhandelingsproses en die oorgang na ’n nuwe Suid-Afrika gesteun word.

Ná die 1994-verkiesing het *Die Burger* homself teenoor die ANC-oorheersde regering geposisioneer as lojale opposisie. Hoewel die koerant steeds versigtig positief oor die nuwe regering is, word daar onder meer gewaarsku teen magsmisbruik en korrupsie.

Die nuwe regering het ná die verkiesing ook ’n reeks hervormingsprogramme ingestel om ekonomiese en maatskaplike ongelykhede in die Suid-Afrikaanse samelewing te probeer uitwis. ’n Verdere doel van dié programme was die skep van ’n eenheidsgevoel onder Suid-Afrikaners – die voortbestaan van ongelykhede is gesien as ’n faktor wat sou kon lei tot verdeelheid. Die Waarheids- en Versoeningskommissie kan gesien word as deel van hierdie breër spektrum van hervorming.

Die Burger was reeds van die instelling van die kommissie skepties oor die werksaamhede daarvan. Daar word veral vrese uitgespreek dat die WVK sal ontaard in ’n heksejag op die Afrikaner, en dat slegs voormalige lede van die veiligheidsmagte uitgesonder sal word as skuldig aan menseregteskendings. Só iets sou volgens die koerant die geloofwaardigheid van die WVK in die gedrang bring. Ook word gesê dat die kommissie daarteen moet waak om bloot ’n instrument van die ANC te word.

Met die aanstelling van die kommissarisse spreek *Die Burger* weer ’n waarskuwing oor partydigheid uit, aangesien dié groep mense volgens die koerant nie verteenwoordigend genoeg was van die Suid-Afrikaanse samelewing nie. Dít sou ook die geloofwaardigheid van die kommissie in twyfel kon trek.

Genoemde skeptisisme word egter aanvanklik getemper deur optimisme dat probleme met die kommissie tog uitgestryk sal word en dat die WVK daarna wel ’n waardevolle bydrae tot die samelewing sal kan lewer. Ten spyte van die selferkende negatiewe houding wat by *Die Burger* bestaan teenoor die WVK, is daar dus wel die hoop dat punte van kritiek uiteindelik opgelos sal kan word.

Soos wat die WVK se verhore in 1996 en 1997 gevorder het, is daar ’n besliste neiging te bespeur dat *Die Burger* se amptelike standpunt teenoor die kommissie toenemend meer negatief word. ’n Belangrike faktor hier is dat die WVK volgens die koerant nie genoegsaam werk daarvan gemaak het om onpartydigheid te verseker nie. Onder meer die feit dat getuienes voor die kommissie ongetoetste beweringe kon maak omtrent

byvoorbeeld voormalige lede van die veiligheidsmagte, en dat aangeklaagdes nie hulself kon verweer nie, het dié persepsie van onewewigtigheid versterk.

Verder word daar herhaaldelik beroepe gedoen op die kommissie om ook menseregteskendings deur voormalige en huidige ANC-lede te ondersoek en sodoende te bewys dat die WVK nie ’n ‘heksejag’ teen Afrikaners is nie. Veral die debakel ná PW Botha se weiering om voor die kommissie te verskyn en die dagvaarding wat gevolglik aan hom uitgereik is, word vir *Die Burger* verteenwoordigend van die vervolging van die Afrikaner deur die WVK.

Hiermee gaan gepaard die gebrek aan morele moed en die ondeursigtigheid wat die ANC se verhouding met die WVK volgens die koerant gekenmerk het. Dié party se weiering om voor die kommissie te getuig oor impimpi’s in sy geledere, word deur *Die Burger* waargeneem as iets wat weer die indruk van partydigheid kan gee – daar is nie, soos in die geval van PW Botha, opgetree teen diegene wat weier om met die kommissie saam te werk nie.

Ook uitlatings deur hooggeplaaste ANC-lede (byvoorbeeld Dullah Omar) dat lede van die bevrydingstryd moreel geregverdig was om politiek gemotiveerde menseregteskendings te pleeg, lok kritiek by die koerant uit. ’n Ander punt van kritiek teen die ANC is die toekenning van amnestie aan 37 lede van die ANC, sonder dat bekend gemaak is waaraan hierdie 37 mense skuldig is. Hier is dus weer sprake van ongebalanseerdheid en partydigheid.

Hierdie negatiwiteit is ook in die tydperk vanaf 1998 by *Die Burger* opmerklik. Die vroeëre hoop dat die kommissie sy probleme sal oplos en ’n waardevolle bydrae tot versoening maak, is nie meer te bespeur nie – die koerant se standpunt teenoor die WVK kan nou as geheel negatief beskryf word. Kritiek op die hantering van die P.W. Botha-saak, op die werksaamhede van die amnestiekomitee en op die bevindinge wat vervat is in die kommissie se voorlopige verslag, is almal tendense wat hier opmerklik is.

Ná 1999 was daar ’n drastiese vermindering in die hoeveelheid kommentaar wat aan die WVK afgestaan is. Hierdie afname kan in die volgende tabel waargeneem word (die hoeveelhede in die tabel sluit sowel Dawie-rubrieke as hoofartikels in. Daar het met die totstandkoming van die WVK in 1995, en met die aanvang van sy werksaamhede in 1996, onderskeidelik 55 en 54 stukke redaksionele kommentaar verskyn. In 1997 het daar daar soveel as 81 stukke redaksionele kommentaar verskyn, namate die negatiwiteit jeens die kommissie toegeneem het. In 1998 het 35 kommentaar-stukke verskyn, aangesien die werksaamhede van die WVK in daardie jaar geleidelik tot ’n einde begin kom het. Tussen 1999 en 2003 verskyn daar slegs 19 hoofartikels of Dawie-rubrieke wat oor die WVK handel.

Die hoeveelheid redaksionele kommentaar oor die WVK tussen 1995 en 2003					
	1995	1996	1997	1998	1999-2003
Hoeveelheid berigte	55	54	81	35	18

Die afname in die hoeveelheid kommentaar na 1999 kan toegeskryf word aan die feit dat die WVK se aktiwiteite grootliks voltooi is. ’n Interessante verskynsel wat egter nou waargeneem kon word in *Die Burger* se standpunt teenoor die WVK is dat dit geleidelik meer gebalanseerd en meer positief begin word.

Die WVK se werksaamhede het in 2002 amptelik tot ’n einde gekom, met slegs die finale verslag wat nog geskryf moes word. Ten tyde van hierdie geleentheid erken *Die Burger* dat hoewel die kommissie gely het onder ’n aantal probleme, dit tog ook bydraes gemaak het tot ’n beter kennis van Suid-Afrika se verlede en tot die bevordering van versoening in die land. Daar is dus ’n ommekeer van die uitsluitlik negatiewe houding wat die koerant voorheen gehandhaaf het teenoor die WVK.

’n Moontlike oorsaak hiervoor is die aanstelling in 2000 van ’n nuwe redakteur, Arrie Rossouw, wat waarskynlik ’n invloed uitgeoefen het op die houding van die koerant teenoor die kommissie. Die amptelike standpunt van *Die Burger*, en van enige ander

koerant, kan gelykgestel word aan die mening van sy redakteur.[215] Hoewel daar sprake is van kollektiewe besluitneming wanneer daar gepraat word oor watter nuusgebeure om te dek, aanvaar die redakteur steeds die finale verantwoordelikheid vir dit wat in die koerant verskyn en veral vir die redaksionele kommentaar.

In die tydperk tussen 1996 en 1998, toe die kritiek op die WVK besonder fel was, was Ebbe Dommisse die redakteur. Hy is van mening dat algemene amnestie ’n beter manier was om die verlede te hanteer, en dat die kommissie bloot ’n heksejag op Afrikaners was, en dus nie bevorderlik vir versoening in die land nie.[216] Hierdie persoonlike mening het duidelik neerslag gevind in die kommentaar wat *Die Burger* oor die Waarheidskommissie gelewer het.

Hierteenoor, sê Jannie Ferreira, het die jonger garde joernaliste van *Die Burger* in hierdie tydperk dikwels van die hoofredaksie en spesifiek die redakteur verskil oor die kommentaar wat gelewer is oor die WVK, en het die gevoel bestaan dat dié kommentaar onnodig venynig en soms onvanpas was.[217] Toe ’n lid van hierdie jonger garde in 2000 die leisels van die koerant oorgeneem het, was daar ’n gepaardgaande verandering in die houding van die koerant teenoor die kommissie. Dit is nie bekend wie die ander kandidate vir hierdie pos was nie, maar die keuse van ’n jonger persoon om die koerant te lei, reflekteer waarskynlik ook ’n beweging weg van die geskiedenis wat gekenmerk is deur ’n noue verband met die Nasionale Party (en by implikasie dus ook ondersteuning vir apartheidswetgewing).[218]

Ferreira self dink dat die WVK die beste keuse was uit al die moontlike opsies wat tydens die onderhandelingsproses geopper is. Hierteenoor voel Scholtz dat die kommissie dalk te veel na die kant van die ANC geleun het. Hy sê ook dat daar volgens hom nie werklik ’n

---

[215] Jannie Ferreira, persoonlike onderhoud, 28 Julie 2005, Kaapstad; Leopold Scholz, persoonlike onderhoud, 29 Julie 2005, Kaapstad.
[216] Ebbe Dommisse, persoonlike onderhoud, 10 Augustus 2005, Kaapstad.
[217] Jannie Ferreira, persoonlike onderhoud, 28 Julie 2005, Kaapstad.
[218] P.J. Cillié, “Pers en Party” in W.D. Beukes (ed.), *Oor grense heen: op pad na’n nasionale pers1948-1990*, p.457.

verandering te bespeur is in die houding van die koerant teenoor die kommissie nie – die amptelike standpunt was van die begin van die WVK se werksaamhede af negatief.[219]

'n Ander moontlike verklaring vir die ommekeer in die koerant se houding teenoor die Waarheidskommissie is dat die demografiese profiel van die koerant se leserspubliek in die afgelope paar jaar begin verander het. Teen 2005, byvoorbeeld, was meer as die helfte van die lesers swart en bruin,[220] en ten tyde van hierdie skrywe is dit steeds die geval.[221] Dit kon 'n invloed gehad het op die amptelike standpunt van *Die Burger* teenoor die Waarheids- en Versoeningskommissie, aangesien 'n voortgesette nadruk op die beskerming van Afrikaner-belange waarskynlik 'n groot segment van die koerant se mark kon vervreem. 'n Houding wat meer pro-WVK en dus ook pro-versoening was, sou daarom gunstiger gewees het vir die koerant. Daar was dus sprake van 'n meer markgerigte instelling, ook ten opsigte van redaksionele kommentaar wat gelewer is. Statistieke oor die samestelling van die arbeiderskorps van *Die Burger* is nie beskikbaar nie, maar dit het, in die lig van groter gelykberegtiging in die werkplek, moontlik ook begin verander op dieselfde wyse as die demografiese samestelling van die leserskorps. Dit kon ook 'n invloed uitgeoefen het op die kommentaar wat uiteindelik in die koerant gelewer is.

Nog 'n moontlike verklaring vir die ommekeer is dat die WVK se werksaamhede relatief naby was aan die 1994-verkiesing, met 'n mate van onsekerheid omtrent die posisie van Afrikaners in die samelewing wat waarskynlik nog geheers het. Omdat die kommissie se verhore in sommige oorde geïnterpreteer is as 'n heksejag op die Afrikaner, was *Die Burger* (met sy pre-1994 reputasie as mondstuk van die Nasionale Party) moontlik hieroor besorg en was die koerant dus erg krities op die WVK.

Teen 2000, met nog 'n vreedsame verkiesing wat in 1999 plaasgevind het, was dergelike vrese waarskynlik besweer en is daar meer positief na die WVK gekyk. Toe daar gesien is dat die ANC nie die voorlopige WVK-verslag as propaganda-instrument in die

[219] Leopold Scholtz, persoonlike onderhoud, 28 Julie 2005, Kaapstad.
[220] Jannie Ferreira, persoonlike onderhoud, 28 Julie 2005, Kaapstad.
[221] *Die Burger* Feiteblad, interne Media24-dokument, Oktober 2006.

verkiesing gebruik het nie, het teenkanting teen die proses waarskynlik verminder. Verder het die lidmaatskap van die NP op demografiese gebied ook al meer verander. Dus het die verband tussen lidmaatskap van die NP en Afrikanerskap (soos wat dit in die verlede gedefinieer is) minder geword. Die historiese verband tussen die koerant en die party het dus ook minder relevant geword, en daarmee saam kommentaar wat eksplisiet ten gunste van die Nasionale Party was.

Al die persone met wie onderhoude gevoer is, is dit wel eens oor twee kwessies. Eerstens is daar nooit opdragte ontvang van die uitgewers of direksie van Naspers (*Die Burger* se moedermaatskappy) aangaande die tipe beriggewing wat oor die WVK gedoen is nie.[222]

Tweedens het verslaggewers ook nooit opdrag ontvang van die redakteur of hoofredaksie om op ’n sekere manier oor die kommissie se werksaamhede verslag te doen, of om uit ’n sekere hoek of standpunt daaroor te skryf nie.[223] In alle gevalle is daar aan joernaliste gesê om “straight reporting” te doen – dus net die feite weer te gee soos wat dit waargeneem word by die betrokke gebeurtenis. Dus behoort uitsprake oor die amptelike standpunt van die koerant oor die WVK nie vertolk te word as ’n aanduiding dat *Die Burger* se nuusdekking onbillik of ongebalanseer was nie.

Dit is waarskynlik nog te gou ná die einde van die WVK se werksaamhede om ’n oordeel te vel oor die invloed van die kommissie in die Suid-Afrikaanse samelewing, en dus ook om te bepaal of *Die Burger* se kritiek op die WVK geldig was al dan nie. Tot tyd en wyl is dit egter interessant om die verandering waar te neem wat oor tyd ingetree het in die koerant se houding teenoor die WVK.

[222] Leopold Scholtz, persoonlike onderhoud, 28 Julie 2005, Kaapstad; Jannie Ferreira, persoonlike onderhoud, 28 Julie 2005, Kaapstad; Ebbe Dommisse, persoonlike onderhoud, 10 Augustus 2005, Kaapstad; Christo van Staden, e-pos onderhoud, 10 Februarie 2006.
[223] Leopold Scholtz, persoonlike onderhoud, 28 Julie 2005, Kaapstad; Jannie Ferreira, persoonlike onderhoud, 28 Julie 2005, Kaapstad; Ebbe Dommisse, persoonlike onderhoud, 10 Augustus 2005, Kaapstad; Christo van Staden, e-pos onderhoud, 10 Februarie 2006.

Bronnelys

I. Literatuur:

Asmal, K., L. Asmal and R.S. Roberts., *Reconciliation through truth: a reckoning of apartheid's criminal governance*. David Philip, Cape Town, 1996.

Beukes, W.D. (ed) *Oor grense heen: op pad na 'n nasionale pers 1948-1990*. Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1992.

Boraine, A., *A country unmasked*. Oxford University Press, Kaapstad, 2000.

Boraine, A. & J. Levy (eds) *The healing of a nation.* Justice in Transition, Cape Town, 1995.

Christie, K. *The South African Truth Commission*. Macmillan, London, 2001.

Chubb, K. *Between anger and hope: South Africa's youth and the Truth and Reconciliation Commission*. Witwatersrand University Press, Johannesburg, 2001.

Etherington, N. (ed.) *Peace, politics and violence in the new South Africa*. Zell, Londen, 1992.

Ferreira, Jannie. Hekwagterskap tydens die Waarheids- en Versoeningskommissie se sitting oor chemiese en biologiese oorlog soos gereflekteer in drie Kaapstadse dagblaaie. Ongepubliseerde M.Phil tesis, Universiteit van Stellenbosch, 2000.

Foster, D.H. et al. *The Theatre of Violence: narratives of protagonists in the South African conflict*. HSRC Press, Cape Town, 2005.

Friedman, S. *The long journey*. Ravan Press, Johannesburg, 1993.

Graybill, L. *Truth and reconciliation in South Africa: miracle or model?* Lynne Rienner Publishers, Colorado, 2002.

Harvey, R. *The fall of apartheid: the inside story from Smuts to Mbeki*. Pallgrave, Hampshire, 2003.

Harris, B. Discourse; racism, responsibility and subjectivity in newspaper representations of the South African Truth and Reconciliation Commission. Ongepubliseerde M.A. navorsingsverslag, Universiteit van die Witwatersrand, 1999.

James, W. and L. van der Vijfer (eds.) *After the TRC: reflections on truth and reconciliation in South Africa*. Ohio University Press, Ohio, 2001.

Jeffery, A. *The truth about the Truth Commission*. South African Institute of Race Relations, Johannesburg, 1999.

Krog, A. *Country of my skull*. Random House, Parktown, 1998.

Lodge, T. *Politics in South Africa:from Mandela to Mbeki.* David Philip, Cape Town, 2002.

Mamdani, M. "The truth according to the TRC" in Amadiume, I. en A.An-Na'im. (eds.) *The politics of memory : truth, healing and social justice.* Zed Books, London, 2000.

Meiring, P. *Kroniek van die Waarheidskommissie: op reis deur die verlede en die hede na die toekoms van Suid-Afrika*. Carpe Diem, Vanderbijlpark, 1999.

Nel, F. *Writing for the media in South Africa*. International Thomson Publishing, Johannesburg, 1998.

Nuttall, S. and C. Coetzee. (eds.) *Negotiating the past: the making of memory in South Africa*. Oxford University Press, Cape Town, 1998.

Orr, W. *From Biko to Basson: Wendy Orr's search for the soul of South Africa as a commissioner of the TRC.* Contra, Saxonwold, 2000.

Posel, D. and G. Simpson (eds.) *Commissioning the past: Understanding South Africa's Truth and Reconciliation Commission*. Witwatersrand University Press, Johannesburg, 2002.

Rivers, W.L. *The mass media: reporting, writing, editing*. Harper & Row, New York, 1975.

Roodt, D. *Om die waarheidskommissie te vergeet*. Praag, Dainfern, 2000.

Sarkin, J. *Carrots and Sticks: The TRC and the South African Amnesty Process*. Intersentia, Antwerp, 2004.

Sparks, A. *Tomorrow is another country: the inside story of South Africa's negotiated revolution.* Struik, Kaapstad, 1994.

Spitz, R. *The politics of transition: a hidden history of South Africa's negotiated settlement.* Witwatersrand University Press, Johannesburg, 2000.

Toase, F.H. en E.J. Yorke (eds) *The New South Africa: Prospects for domestic and international security*. Basingstoke, Macmillan, 1998.

Tutu, D. *No future without forgiveness*. Rider, London, 1999.

Verwoerd, W. and M. Mabizela (eds.) *Truths drawn in jest*. David Philip, Cape Town, 2000.

Villa-Vicencio, C. and W. Verwoerd (eds.) *Looking back, reaching forward: reflections on the Truth and Reconciliation Commission of South Africa*. University of Cape Town Press, Cape Town, 2000.

Villa-Vicencio, C. en E.Doxtader. (eds.) *The provocations of amnesty: memory, justice and impunity*. David Philip, Cape Town, 2003.

Waldmeier, P. *Anatomy of a miracle: the end of apartheid and the birth of the new South Africa.* Viking, Londen, 1997.

Wilson, J. *Understanding journalism: a guide to issues*. Routledge, Londen, 1996.

II. Tydskrifartikels:

Combrink, NL. History and the TRC. *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 23 (2). 1998.

Du Pisani, J.A. Negotiating a democratic South Africa: bilateral and multiparty negotiations, June 1992 to December 1993. *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 19(2). 1994.

Liebenberg, I. Die WVK in Suid-Afrika. *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 22 (1). 1997.

Marais, A.H. Negotiations for a democratic South Africa, 1985-1992. *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 19(2). 1994.

Reynolds, P. Traditions and truths. *Rhodes Journalism Review*. May 1997.

Ross, F. Is the TRC true? *Rhodes Journalism Review*. May 1997.

Strauss, A.C.P. Reaction to the 1994 South African general elections. *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 19(2). 1994.

Thelen, D. How the Truth and Reconciliation Commission challenges the ways we use history. *South African Historical Journal* 47. 2002.

Wessels, A. In search of acceptable national symbols for South Africa. *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 19(2). 1994.

III. Periodieke publikasies:

Die Burger Feiteblad, interne Media 24-dokument, Oktober 2006.

Hoofartikels en Dawie-rubrieke uit *Die Burger*, 1990-2003.

Truth and Reconciliation Commission Report Volume I. Kaapstad, 1998.

IV. Mondelinge bronne:

Christo van Staden, e-pos onderhoud, 10 Februarie 2006.

Ebbe Dommisse, persoonlike onderhoud, 10 Augustus 2005, Kaapstad.

Jannie Ferreira, persoonlike onderhoud, 28 Julie 2005, Kaapstad.

Leopold Scholtz, persoonlike onderhoud, 28 Julie 2005, Kaapstad.